

VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saaknommer : 29/2008

In die saak tussen:-

J P G

Eiser

en

M S G

Verweerderes

UITSPRAAK DEUR:

VAN ZYL, R

GELEWER OP:

21 MEI 2010

1] Hierdie is 'n egskeidingsgeding waarin eiser die volgende regshulp teen verweerderes gevorder het:

- “1. 'n Bevel van egskeiding.
2. 'n Verklarende bevel waarkragtens die lewensreg-ooreenkoms tussen die partye beëindig word en dat verweerderes gelas word om haar 10% belang aan die eiser oor te dra teen betaling van R20 000.00.
3. Koste van die geding, slegs indien verdedig.”

2] In haar teeneis vorder verweerderes (eiseres in

rekonvensie) die volgende regshulp:

- “7.1 ’n Bevel van egskeiding.
- 7.2 Betaling van onderhoud aan die verweerderes ten bedrae van R6 800.00 per maand.
- 7.3 ’n Bevel wat eiser gelas om die verweerderes se redelike mediese-, tandheelkundige-, oogkundige-, hospitalisasie- en aptekerskoste te betaal.
- 7.4 Uitvoering van die huweliksvoorwaardekontrak aangegaan tussen die partye:
- 7.5
- 7.5.1 ’n Bevel wat eiser gelas om alle dokumentasie te onderteken wat nodig is om gevolg te gee aan die bepalinge van die huweliksvoorwaardekontrak, alternatiewelik wat die Griffier magtig en gelas om sodanige dokumentasie namens hom te onderteken;
- 7.5.2 Alternatiewelik tot 7.4 en 7.5.1 hierbo, ’n bevel wat eiser gelas om aan verweerderes skadevergoeding in die bedrag van R200 000.00 te betaal, tesame met rente *a tempora morae* bereken vanaf 17 Maart 2005, alternatiewelik vanaf datum van verlening van hierdie bevel.
- 7.6 ’n Bevel wat eiser gelas om toe te sien dat die tersaaklike Fonds en Skema wat die polis wat deur die eiser aan verweerderes geskenk is beheer, ’n

aantekening in hul rekords maak dat voormelde deel van die pensioen, polis of annuïteit sodanig aan verweerderes betaalbaar is.

7.7 Koste van die geding.

7.8 Sodanige verdere en/of alternatiewe regshulp as wat die Agbare Hof mag verleen.”

3] Vir doelmatigheidsredes sal deurentyd na die partye verwys word as “eiser” en “verweerderes” soos na verwys in die hoofeis.

**GEBEURE TEN TYDE VAN DIE VERHOOR VOORAFGAANDE
DIE AANBIED VAN GETUIENIS EN AGTERGROND MET
BETREKKING TOT DIE VERLOOP VAN DIE VERHOOR:**

4] By die aanvang van die verhoor op 2 Junie 2009 het eiser ’n tender ingevolge Hofreël 34 met benadeling van regte aan verweerderes gemaak met die volgende inhoud:

“1. ’n Bevel van egskeiding.

2. Dat eiser aan verweerderes oorbruggingsonderhoud betaal in die bedrag van R5 000.00 per maand vir ’n periode van twaalf maande vanaf datum van

egskeiding.

3. Dat verweerderes geregtig sal wees op die voordele van die verblyfregoooreenkoms met Hibiscus Retirement Villages op die terme en voorwaardes soos uiteengesit in die ooreenkoms gedateer 22 Maart 2005, alternatiewelik na keuse van verweerderes om die ooreenkoms te kanselleer in welke geval die eiser aan die verweerderes 'n bedrag van R20 000.00 sal betaal.
4. Dat eiser verweerderes se getakseerde party en party koste betaal tot en met datum hiervan.
5. Die tender is oop vir aanvaarding tot en met die aanvang van die verhoor waarna dit verval."

Nadat mnr. Reinders, namens eiser, die tender aan die Hof voorgehou het, het mnr. Zietsman, namens verweerderes, aangedui dat die tender nie deur verweerderes aanvaar word nie.

- 5] Onmiddellik daarna het mnr. Reinders argumente aan die Hof voorgehou tot dien effekte dat ten spyte van 'n ooreenkoms aangegaan tydens die Reël 37 samesprekings tot die teendeel, verweerderes behoort te begin met die aflegging van getuienis. Ten tyde van die submissies wat

hy aan die Hof voorgehou het en voortspruitend uit sekere vrae wat ek aan hom hiertydens gestel het, het mnr. Reinders aangedui dat eiser die vorderings soos uiteengesit in die besonderhede van vordering, abandoneer met uitsluiting van die bevel van egskeiding. Nadat ek volledige argumente voortspruitend hieruit deur beide mnr. Reinders en mnr. Zietsman aangehoor het, het ek 'n *ex tempore* uitspraak gegee waarin ek bevind en gelas het dat eiser met die aanbied van getuienis moes begin.

- 6] Daarop het mnr. Reinders aangedui dat die eiser wat sy hoofeis betref, sy saak sluit. In reaksie hierop het ek weer volledige betoë deur beide partye se regsverteenwoordigers aangehoor met betrekking tot wat die gevolge hiervan behoort te wees. Mnr. Zietsman het betoog en versoek dat absolusie van die instansie met betrekking tot die hoofeis toegestaan behoort te word, met 'n gepaardgaande spesiale kostebevel. Ek het gevolglik nog 'n *ex tempore* uitspraak gelewer waarin ek wel absolusie van die instansie ten opsigte van die hoofeis verleen het, met eiser om die koste daarvan te betaal (geen spesiale kostebevel nie).

7] Na die verlening van voormelde bevel, het verweerderes as applikant onder aansoeknommer 2750/2009 'n Reël 43(6) aansoek gerig waarin sy 'n verdere bydrae tot haar regs-koste gevorder het. Voortspruitend hieruit is daar betoë aan my voorgehou met betrekking tot die vraag of dit die gepaste stadium was vir verweerderes om sodanige aansoek te liasseer en of dit nie eers die volgende dag, dit wil sê op 3 Junie 2009, geliasseer en aangehoor moes word nie. In die verband het mnr. Reinders aangevoer dat verweerderes verplig behoort te word om die beskikbare hof tyd te gebruik om te begin met die aanbied van getuienis ten opsigte van haar teeneis. Na die aanhoor van betoë, het ek die volgende bevel gemaak:

- “1. Die aangeleentheid word uitgestel tot Woensdag, 3 Junie om 09h30.
2. Dit word op rekord gestel dat hierdie bevel om 15:25 verleen word.
3. Insoverre daar enige verspilde koste ten opsigte van die oorblywende hof tyd ter sprake is, staan dit oor vir latere beregting.”

8] By die aanvang van die verhoor op 3 Junie 2009, het dit

geblyk dat eiser as respondent in die Reël 43(6) aansoek toe ook intussen 'n opponerende beëdigde verklaring geliasseer het. Na die aanhoor van (weereens) volledige betoë en argumente deur beide mnre. Zietsman en Reinders, het ek dit gerade geag om 'n *ex tempore* uitspraak ook ten opsigte van die Reël 43(6) aansoek te gee, waarin ek die Reël 43(6) aansoek van die hand gewys het en gelas het dat die koste daarvan koste in die geding is.

- 9] Ter agtergrond kan reeds op hierdie stadium vermeld word dat na voormelde afwysing van die Reël 43(6) aansoek, mnr. Zietsman verweerderes se getuienis aangebied het ten opsigte van haar teeneis. Na afsluiting van haar getuienis is die getuienis van twee verdere getuies aangebied, synde die van mnr. Pieter Sarel Jooste, die boekhouer van eiser, en laastens die getuienis van John Christopher Webster, synde die Hoof Uitvoerende Beampte van Hibiscus Retirement Villages. Nadat verweerderes haar saak ter ondersteuning van haar teeneis gesluit het, het mnr. Reinders aangedui dat eiser sy saak ten opsigte van verweerderes se teeneis sluit sonder om getuienis aan te

bied. Volledigheidshalwe moet ook vermeld word dat na die afhandeling van verweerderes se eie getuienis, die aangeleentheid deelsverhoor geword het en is die verrigtinge hervat op 1 Desember 2009. Ek was egter in besit gestel van 'n getranskribeerde oorkonde van die verrigtinge tot op daardie datum, welke ek aanvaar op versoek van een van die partye sodanig getranskribeer is. Dit het my voorbereiding vir en die voortgesette hantering van die verhoor beduidend vergemaklik.

VORDERING VIR BEVEL VAN EGSKEIDING:

[10] Hoewel die redes vir die verbokkeling van die huwelik in dispuut is, is die partye dit eens dat die huwelik tussen hulle onherstelbaar verbokkel het en dat 'n bevel van egskeiding verleen behoort te word.

-

**VERWEERDERES SE VORDERING MET BETREKKING TOT
DIE LEWENSREG TOT OKKUPASIE VOORTSPRUITEND UIT
DIE HUWELIKSVoorwaardekontrak:**

A: Gebeure en feite wat gemeensaak is:

[11] Daar is sekere gebeure en feite agterliggend tot en wesenlik vir die beregting van hierdie aangeleentheid wat voortspruitend uit die *viva voce* getuienis en/of die tersaaklike bewysstukke en/of die pleitstukke geag kan word gemeensaak te wees en wat ek meen doelmatig is om op hierdie stadium uiteen te sit.

11.1 Eiser is tans ongeveer 68 jaar oud. Verweerderes is tans ongeveer 58 jaar oud. Eiser en verweerderes is die eerste keer gedurende 1997 getroud, waarna hulle gedurende Februarie 1999 geskei is. Daarna is die huidige huwelik tussen die partye gesluit op 24 Maart 2005, welke huwelik gesluit is buite gemeenskap van goedere en met uitsluiting van die aanwasbedeling. Die huweliksvoorwaardekontrak gesluit tussen die partye op 17 Maart 2005 en welke geregistreer is op 19 April 2005, is aangeheg tot die teeneis as aanhangsel "VA". Die oorspronklike huweliksertifikaat is ten tyde van verweerderes se getuienis ontvang as bewysstuk "A".

11.2 Op 10 Oktober 2002 het eiser 'n skriftelike kontrak

gesluit met Hibiscus Retirement Villages (hierinlater na verwys as “Hibiscus”) welke ooreenkoms getiteld was “Life Right Agreement” en na welke ooreenkoms ek voortaan sal verwys as “die eerste lewensregooreenkoms”. In terme van hierdie eerste lewensregooreenkoms is eiser die “sponsor” of borg, met ander woorde die persoon wat die bedrag geld betaal het ten einde ’n lewensreg te bekom met betrekking tot die okkupering van die eenheid wat deel vorm van Hibiscus, synde Eenheid 412 Hibiscus Heights, in die oord te Margate wat bekend staan as Village of Happiness (hierinlater na verwys as “die eenheid”). In terme van hierdie eerste lewensregooreenkoms het eiser as borg homself as okkupeerder van die eenheid nomineer. Die bedrag van R160 000.00 is vir hierdie lewensreg tot okkupasie van die gemeldde eenheid, betaal. Hierdie eerste lewensregooreenkoms kom voor op p. 4 tot p. 12 van eiser se verhoorbundel, bewysstuk “B”.

Sekere tersaaklike klousules van die eerste lewensregooreenkoms lees as volg:

“2.7 The Occupier shall not be entitled to make over, cede, assign or sub-let his rights to occupy the Unit in any way whatsoever or permit any other person to occupy the Unit without the prior written approval of the Society.”

“3.2 On payment of the Sponsorship Amount the Occupier shall be entitled to the use of the Unit and to occupy same free of rent during his lifetime. Such occupation is subject to the conditions of this agreement and the Society’s rules and regulations which may be amended by the Society from time to time.”

“4.7 On the death of the sole Occupier or the last of joint Occupiers, the right of occupation shall cease and the Unit shall revert to the Society.

4.8 Any person not nominated under this agreement at the time of entering into this agreement and who is not party to this agreement shall have no right to occupation under this agreement.”

“14.1 The Sponsor or the estate of the Sponsor shall receive a refund from the Society of the Sponsorship Amount subject to the following provisions:

14.1.1 On transfer of the Occupier or last of joined Occupiers to the Frail Care Facility on a permanent basis; or

14.1.2 On the death of the sole Occupier or the last of joint Occupiers; or

14.1.3 In the event of the Occupier or the last of joint Occupiers deciding to abandon his right to occupy the Unit for any reason whatsoever.

14.2 Where there are joint Sponsors, the amount of the refund shall be proportional to the contribution by each Sponsor as set out in this agreement.”

11.3 Op 17 Maart 2005 toe die huweliksvoorwaarde-kontrak gesluit is tussen die partye, is as volg in klousules 3 en 4 daarvan ooreengekom:

“3. In konsiderasie van die voorgenome huwelik, sedeer JOHANNES PETRUS GENIS die opbrengs van die Discovery Life Polis Nr. 1071618290, welke JOHANNES PETRUS GENIS op sy lewe uitgeneem het, aan sy voorgenome eggenote, MARIA SOPHIA MARAIS, welke polis aan haar uitbetaal moet word by die afsterwe van JOHANNES PETRUS GENIS.

Indien MARIA SOPHIA MARAIS reeds vooroorlede is by die afsterwe van JOHANNES PETRUS GENIS, sal genoemde Discovery Life Polis Nr. 1071618290 terugval in die boedel van JOHANNES PETRUS GENIS en in terme van sy Testament vererf word.

4. JOHANNES PETRUS GENIS het in terme van 'n ooreenkoms met Hibiscus Retirement Villages te Margate, 'n Lewensreg-ooreenkoms gesluit in terme waarvan JOHANNES PETRUS GENIS 'n lewensreg verkry het op 'n eenheid om daarin te woon tot by sy afsterwe.

JOHANNES PETRUS GENIS seeder hierdie lewensreg in terme van die ooreenkoms aan en ten gunste van MARIA SOPHIA MARAIS bepaal dat hierdie lewensreg waarop hy geregtig is in terme van die ooreenkoms met Hibiscus Retirement Villages, MARIA SOPHIA MARAIS sal toeval tot by haar dood.

Dit word uitdruklik bepaal dat die bedrag welke deur JOHANNES PETRUS GENIS betaal is om die lewensreg te verkry, sy boedel sal toeval by die plaasvind van die volgende gebeurtenisse:

- 4.1 Op datum van oorplasing van die laaste een van JOHANNES PETRUS GENIS of MARIA SOPHIA MARAIS na die "Frail Care Facility" te Hibiscus Retirement Villages.
- 4.2 By die afsterwe van die laaste een van JOHANNES PETRUS GENIS of MARIA

SOPHIA MARAIS.

- 4.3 By afstanddoening van die lewensreg deur die
langslewende van JOHANNES PETRUS GENIS
of MARIA SOPHIA MARAIS.”

Gegewe die datum volgorde van die gebeure tot op daardie datum, blyk dit dus duidelik dat die lewensreggooreenkoms waarna verwys word in klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak, die eerste lewensreggooreenkoms is waarna ek reeds hierbo verwys het.

- 11.4 Op 22 Maart 2005, dit wil sê twee dae voor sluiting van die partye se huidige huwelik, het beide eiser en verweerderes as “sponsors” en ook beide eiser en verweerderes as okkupeerders ’n nuwe lewensreggooreenkoms met Hibiscus gesluit, welke ooreenkoms ek hierinlater na sal verwys as “die tweede lewensreggooreenkoms”. Hierdie ooreenkoms kom voor op p. 13 tot p. 20 van bewysstuk “B” en is ook aangeheg as aanhangsel “A” tot eiser se besonderhede van vordering. Op

dieselfde datum, dit wil sê 22 Maart 2005, is die eerste lewensregoooreenkoms wat gesluit was tussen eiser en Hibiscus, ook dan gekanselleer, soos blyk uit p. 12 van bewysstuk "B". In terme van die tweede lewensregoooreenkoms is die bedrag van R200 000.00 betaal, deurdat die bedrag van R160 000.00 wat in terme van die eerste lewensregoooreenkoms deur Hibiscus ontvang is, ten gunste van die uitvoering van hierdie tweede lewensregoooreenkoms aangewend is en was daar 'n balans van R40 000.00 betaalbaar, welke bedrag inderdaad betaal is. Dit is gemeensaak dat van die totale bedrag van R200 000.00 verweerderes die bedrag van R20 000.00 betaal het en word dit ook aldus gereflekteer in die ooreenkoms, deurdat eiser aangedui word as synde dat hy 90% bygedra het en verweerderes aangedui word as synde dat sy 10% bygedra het. Die eenheid ten opsigte waarvan hierdie lewensreg deur eiser en verweerderes bekom is en ten opsigte waarvan beide van hulle as okkupeerders genomineer is, is dieselfde eenheid as waarna verwys is in die eerste

lewensreggooreenkoms. Origens is die wesenlike terme en voorwaardes, die tersaaklike waarvan ek reeds in sub-paragraaf 11.2 hierbo aangehaal het, dieselfde as in die eerste lewensreggooreenkoms, behalwe dat die numering van die aangehaalde klousule 14, in die tweede lewensreggooreenkoms gewysig is na 13.

11.5 Voormelde het tot gevolg dat eiser se regte voortspruitend uit die eerste lewensreggooreenkoms, wat eiser in die huweliksvoorwaardekontrak ten gunste van verweerderes sedeer het, op die datum van huweliksluiting en op datum van die registrasie van die huweliksvoorwaardekontrak, reeds gekanselleer was en nie meer bestaan het nie, aangesien die eerste lewensreggooreenkoms toe reeds gekanselleer was.

B: Die pleitstukke:

12]Dit is vervolgens nodig om te let op die inhoud van die pleitstukke met besondere verwysing na verweerderes se vordering met betrekking tot voormelde lewensreg en die

alternatiewe daartoe. In verweerderes se teeneis is dit as volg gepleit in paragraaf 6 daarvan:

“6.1 In terme van die voormelde huweliksvoorwaardekontrak wat tussen die partye aangegaan is, het die eiser skenkings aan die verweerderes gemaak, welke skenkings deur verweerderes aanvaar is.

6.2 Eiser het nog nie in terme van die gemelde bepaling van die huweliksvoorwaardekontrak presteer nie; alternatiewelik versuim om in terme daarvan te presteer.

6.3 Die verweerderes is geregtig op en dring aan op prestasie deur die eiser in terme van onder andere klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak.

6.4 Alternatiewelik tot paragraaf 6.3:

6.4.1 Het die eiser ten tyde van die sluiting van die huweliksvoorwaardekontrak aan die verweerderes voorgehou dat hy in terme van die bepalings van klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak kan presteer, alternatiewelik het hy nie aan die verweerderes openbaar dat hy nie in terme van klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak kan presteer nie, terwyl die eiser die plig gehad het om dit aan die verweerderes te openbaar aangesien:

- 6.4.1.1 dit die tweede huwelik tussen die eiser en die verweerderes was en die eiser geweet het dat die verweerderes nie met die eiser in die huwelik sou tree indien daar nie vir die verweerderes permanente toekomstige huisvesting gewaarborg kon word nie; en
- 6.4.1.2 die eiser geweet het dat die verweerderes, omdat sy die skenking aanvaar het, haar eie woning gaan verkoop en inderdaad verkoop het.
- 6.4.2 Die eiser het geweet dat sy voorstellings soos in paragraaf 6.4 hierbo vals is, alternatiewelik was sy versuim om aan die verweerderes te openbaar dat hy nie in terme van klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak kan presteer nie, bedrieglik;
- 6.4.3 Die voormelde valse voorstelling, alternatiewelik die voormelde versuim om te openbaar dat die eiser nie in terme van klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak kan presteer nie het die verweerderes beweeg om die huweliksvoorwaardekontrak met die eiser aan te gaan en bygevolg die skenking, alternatiewelik die sessie vervat in klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak te aanvaar en daarna met die eiser in die huwelik te tree;

6.4.4 Weens die eiser se bedrog soos in paragraaf 6.4.1 vermeld ly die verweerderes skade in die bedrag van R200 000.00, synde die waarde van die lewensreg.

6.5 Alternatiewelik verder tot paragrawe 6.3 en 6.4:

6.5.1 Die bewerings in paragrawe 6.4.1, 6.4.2, en 6.4.3 word herhaal.

6.5.2 Die voormelde voorstelling was wesenlik.

6.5.3 Die voorstelling is deur die eiser gemaak met die doel om die verweerderes te beweeg om met die eiser 'n huweliksvoorwaardekontrak aan te gaan en om met die eiser in die huwelik te tree.

6.5.4 Die voorstelling het die verweerderes beweeg om die huweliksvoorwaardekontrak met die eiser te sluit en om met die eiser in die huwelik te tree.

6.5.5 Weens die eiser se voormelde valse voorstelling ly die verweerderes skade in die bedrag van R200 000.00 synde die waarde van die lewensreg.”

In eiser se verweerskrif tot verweerderes se teeneis, het eiser as volg op voormelde bewerings gepleit:

“5.

AD PARAGRAWE 6.1, 6.2 EN 6.3 DAARVAN:

5.1 Eiser pleit dat die lewensregoooreenkoms met Hibiscus

Retirement Villages 'n *pactum de non cedendo* vervat;

- 5.2 Ten tyde van die sessie was daar geen skriftelike toestemming verleen deur Hibiscus Retirement Villages vir die sessie van die eiser se verblyfreg aan die verweerderes nie;
- 5.3 Bygevolg is die sessie soos vervat in die huweliksvoorwaardekontrak ongeldig; en
- 5.4 Is die verweerderes nie geregtig op die lewensreg (bewoning) van die eenheid by die aftree-oord nie.

Alternatiewelik pleit eiser:

1. Dat na die aangaan van die huweliksvoorwaardekontrak die partye 'n ooreenkoms gesluit het met Hibiscus Retirement Villages op die basis soos uiteengesit in aanhangsel "A" tot die besonderhede van vordering waarkragtens verweerderes 'n 10% belang verkry uit hoofde van die bepalinge van die ooreenkoms met Hibiscus Retirement Villages soos uiteengesit in aanhangsel "A" tot die besonderhede van vordering.
2. Dat eiser en verweerderes gebonde is aan sodanige ooreenkoms synde aanhangsel "A" tot die besonderhede van vordering en dat die bepalinge van die Akte van Dading (*sic*) bygevolg nie meer afdwingbaar is ten opsigte van die bewoningsreg van

die verweerderes soos uiteengesit in die huweliksvoorwaardekontrak nie.

Alternatiewelik indien die Agbare Hof mag bevind dat eiser, eiser se bewoningsreg gesedeer het aan verweerderes en dat dit afdwingbaar is, dan en in daardie geval pleit eiser:

dat daar 'n gemeenskaplike dwaling was ten aansien van die terme van die huweliksvoorwaardekontrak en dat dit nooit die eiser of die verweerderes se bedoeling was dat eiser uit en uit eiser se lewensreg ten aansien van die eenheid te Hibiscus Retirement Villages aan verweerderes sou gesedeer het nie, maar slegs die reg om ook die eenheid te bewoon tot en met haar afsterwe en sal daar tydens die verhoor aansoek gedoen word vir die rektifikasie van die huweliksvoorwaardekontrak indien nodig om dienoooreenkomstig die partye se bedoeling weer te gee.

6.

AD PARAGRAAF 6.4 DAARVAN:

Die inhoud hiervan word ontken en word die verweerderes tot bewys daarvan geplaas en herhaal eiser eiser se pleit soos uiteengesit in die voorafgaande paragraaf.

7.

AD PARAGRAAF 6.5 DAARVAN:

Die inhoud hiervan word ontken en word die verweerderes tot bewys daarvan geplaas en herhaal eiser eiser se beweringe soos uiteengesit in die voorafgaande paragrawe.”

In verweerderes se repliek tot die verweerskrif op die teeneis, het sy as volg op paragraaf 5 daarvan gepleit:

“1.1 Die verweerderes ontken:

1.1.1 dat die lewensreg-ooreenkoms wat as aanhangsel “A” tot die eiser se besonderhede van vordering aangeheg is dieselfde ooreenkoms is ingevolge waarvan die eiser die lewensreg wat aan verweerderes ingevolge klousule 4 van die huweliks-voorwaardekontrak geskenk en/of sedeer is, bekom het;

1.1.2 dat die ooreenkoms ingevolge waarvan die eiser sy lewensreg bekom het ’n *pactum de non cedendo* bevat.

1.2 Alternatiewelik tot 1.1, en indien bevind word dat die eiser sy lewensreg wat aan verweerderes sedeer is ingevolge aan “A” tot die besonderhede van vordering bekom het en/of dat ’n vroeëre lewensreg-ooreenkoms tussen die eiser en Hibiscus Retirement Villages

aangegaan 'n *pactum de non cedendo* bevat dan
beweer die verweerderes dat:

1.2.1 die eiser steeds die skriftelike toestemming van
Hibiscus Retirement Villages kan bekom;

1.2.2 alternatiewelik tot 1.2.1, dat die versuim om die
toestemming van Hibiscus Retirement Villages voor
die aangaan van die huweliksvoorwaardekontrak te
bekom geratificeer kan word; en

1.2.3 die lewensreg steeds aan verweerderes oorgedra
en/of gesedeer en/of gelewer kan word,

ten gevolge waarvan dit steeds vir die eiser moontlik is om
ingevolge die bepalinge van die huweliksvoorwaardekontrak
tussen eiser en verweerderes aangegaan, te presteer.”

C: Getuienis van en namens verweerderes:

13]Uit verweerderes se getuienis blyk dit dat voordat sy die
eerste keer met eiser getroud is, was sy getroud met ene
mnr. Marais en was hulle woonagtig te Hoopstad. Sy is
gedurende 1991 van hom geskei kort voordat hy oorlede is.
Sy het in 1983, met ander woorde voor haar huwelik met
mnr. Marais, haar eie haarsalon te Hoopstad begin bedryf
en toe sy eiser die eerste keer ontmoet het, was hy 'n boer
in Hoopstad distrik. Toe sy en eiser die eerste keer getroud
is gedurende 1997, het sy haar huis verkoop en ook haar

haarsalon gesluit ten einde saam met eiser op die plaas te gaan bly. Op daardie stadium was haar oudste kind uit haar eerste huwelik eerste jaar op universiteit in Bloemfontein, haar tweede kind was in die koshuis op Hoopstad en haar jongste kind was in die koshuis te Oranje Meisieskool in Bloemfontein. Hulle was dus slegs gedurende naweke en vakansies op die plaas. Daar het nie 'n goeie verhouding tussen eiser en haar kinders geheers nie en het dit uit die totaliteit van haar getuienis, ingesluit kruisverhoor, geblyk dat eiser destyds haar kinders van die plaas af weggejaag het, waarop sy ook die plaas verlaat het, welke tot hul eerste egskeiding aanleiding gegee het. Na die partye se eerste egskeiding, het verweerderes aanvanklik 'n huis te Hoopstad gehuur totdat eiser aan haar die geld wat hy van haar geleen het wat sy uit die verkoop van haar huis verkry het, teruggegee het. Dit het die bedrag van ongeveer R160 000.00 beloop, welke sy as 'n deposito gebruik het om weer 'n huis te koop op Hoopstad gedurende einde 1999. Sy het ook na hul eerste egskeiding dadelik weer begin om 'n haarsalon te bedryf, maar het getuig dat in die jaar en 'n half wat sy dit nie gedoen het nie, daar intussen twee ander haarsalonne ook

oopgemaak het. Aangesien sy egter drie kinders gehad het wat sy moes versorg, het sy weer begin om die haarsalon se besigheid op te bou. Dit was aanvanklik in die dorp bedryf, maar vanweë die feit dat haar huis 'n woonstel agter in die erf gehad het, het sy die salon verskuif na die huis ten einde uitgawes te beperk en omdat dit sodoende nader en geriefliker was. Gedurende Oktober 2004 het eiser verweerderes telefonies geskakel en vir haar gesê hy het die grootste fout van sy lewe gemaak, hy het tot bekering gekom, dat hy baie lief is vir haar en dat hy jammer is oor alles wat hy aan hulle (sy en haar kinders) gedoen het. Sodanige tipe telefoonoproepe en sms'e het aangehou tot einde 2004, waarna eiser op 26 Januarie 2005 “by my voordeur gestaan het en ja, dit is hoe dit weer gebeur het”. Dit was dus hoe hulle verhouding weer begin het. Dit moet vermeld word dat hoewel daar in kruisverhoor meerdere stellings aan verweerderes gemaak is met betrekking tot sekere voorvalle wat sou plaasgevind het ten einde te probeer afbreek doen aan haar weergawe soos pas uiteengesit dat eiser haar onverwags skielik in 2004 gekontak het en in Januarie 2005 by haar huis opgedaag het, het sy dit ontken en verduidelik dat die scenario's wat in die stellings aan

haar geskets is, plaasgevind het na 26 Januarie 2005. Ek aanvaar dus hierdie weergawe van verweerderes, aangesien daar geen getuienis tot die teendeel deur die eiser aangebied is nie.

14] Volgens verweerderes was sy op daardie stadium bewus van die feit dat eiser in die eenheid te Hibiscus gebly het. Na 26 Januarie 2005 het hy egter begin om by haar in die huis te bly en het sy voortgegaan met die bedryf van die haarsalon. Hy het egter aan haar gesê dat hulle eerder moes trou en te Hibiscus moes gaan bly. Sy wou egter eers self daarna gaan kyk ten einde haar te vergewis wat die woonplek aldaar behels. Hy het haar gaan wys en was sy tevrede gewees daarmee.

15] Verweerderes se getuienis met betrekking tot die rede vir die sluiting van die huweliksvoorwaardekontrak, lees as volg op p. 113, reël 11 tot p. 114, reël 20 van die getikte oorkonde:

“Maar ek het duidelik aan hom laat verstaan ek gaan nie weer in ’n huwelik in wat ek uit alles uit is en ek het geen vastigheid onder my voete nie, want ek is nie meer ’n jong mens wat ’n besigheid weer kan begin nie en ek het weer ’n

keer 'n haarsalon begin en ek wou vastigheid hê, en wou verseker weet dat ek versorg sal wees.

Is dit wat u vir hom gesê het toe hy nou vir u vra om te trou?
... Korrek.

Wat besluit julle toe? ... Mnr. Genis het na sy prokureur toe gegaan.

Wie is dit? ... Mnr. Gustav le Grange. Dit is nie my prokureur nie, maar in elk geval hy het na sy prokureur toe gegaan en 'n huwelikskontrak laat optrek, ek was teenwoordig. Ek het die dag vir mnr. Gustav le Grange ook daar gesê voor mnr. Genis dat ek gaan nie weer alles van my los en my besigheid opgee en dan beland ek weer in daardie situasie nie, so daar moet voorsiening vir my gemaak word vir wat kan gebeur, wat ookal kan gebeur. Mnr. Genis het 'n polis uitgeneem in daardie tyd, 'n uitkeerpolis wat op die HVK aangetoon is en geskenk is aan my as 'n, ek weet nie wat nie, hy het dit aan my geskenk.

En wat van die aftreeoord se lewensreg? ... Dit is korrek. Maar ons was by mnr. Le Grange en hy het dit, ons altwee was teenwoordig daar, mnr. Le Grange het dit bewoord en die bewoording wat daar is ..., ek het gesê ek gaan nie weer

trou as ek alles moet los en prysgee en weer op straat sit nie.

Is dit hoekom daardie klousules ...? ... Dit is waarvoor daardie klousules ingevoeg is. Mnr. Genis het daardie dag daar gesê, glad nie aanwas nie, want hy het genoeg van aanwas egskeidings gehad en dit is waarom die klousule ingebring is van gemeenskap van goedere en ek het daarop net eenvoudig gereageer dat ek nie gaan trou indien daar nie voorsiening vir my gemaak is vir die res van my lewe nie.”

Ek meen dat dit nodig is om ook nog na twee spesifieke gedeeltes van verweerderes se getuienis in kruisverhoor te verwys, soos dit voorkom op p. 266, reël 17 tot p. 267, reël 13:

“Ek wil net aan u stel dat mnr. Genis se saak gaan wees, hy sê op sy ouderdom het u en hy met mekaar getrou en julle het twee jaar saamgebly, u het nog steeds wat u nog altyd gehad het, u het nie afhanklik van hom geraak nie, u is derhalwe nie geregtig op onderhoud nie. U het ’n werk u het nog alles wat u nog altyd gehad het voor u ook vir die kort tyd eintlik saam met hom gewoon het. Wat is u kommentaar daarop? ... Ek sou nie my werk en my huis en my alles gaan verkoop het en gelos het nie en dit was die uitdruklike

rede en die uitdruklike ooreenkoms wat hy aangegaan het om dit te doen, om vir my te sorg sodat ek my huis kan verkoop, sodat ek daar kan gaan bly. Ek sou nie met mnr. Genis getrou het indien ek nie versekering daarvan gehad het nie ...

Al wat ek sê is ek sou dit nie gedoen het nie. Die huwelikskontrak is opgestel deur sy prokureur. Ek het baie seker gemaak dat ek seker is en hy het my die versekering ook gegee, mnr. Genis dat ek versorg sal wees vir die res van my lewe. Na die eerste huwelik sou ek nie weer in so 'n penarie wou beland nie.”

- [16] Nadat die huweliksvoorwaardekontrak aangegaan is, is hulle na Margate waar hulle te Shelley Beach getroud is. Na hulle huwelik, het hulle teruggekeer na Hoopstad, aangesien verweerderes steeds haar huis en haar besigheid gehad het. Sy het op daardie stadium by verskeie geleenthede vir eiser versoek dat sy eerder aangaan met haar besigheid, aangesien sy wel oor die huis daar beskik en dat hulle dan daar woonagtig kan wees en slegs vakansietye na die aftreeoord toe gaan. Eiser wou egter niks daarvan weet nie en het aangedring dat sy moes ophou werk en dat haar huis verkoop word. Aan die einde

van 2005 is die huis inderdaad vir 'n bedrag van R375 000.00 verkoop ten opsigte waarvan sy 'n netto bedrag van ongeveer R300 000.00 ontvang het. Hierdie bedrag geld het sy aanvanklik aan mnr. Genis geleen, maar is dit gemeensaak dat hy dit eventueel aan haar terugbetaal het in die vorm van aandele, welke sy tesame met polisse wat sy afgekoop het, belê het en dus tans oor 'n belegging van R370 000.00 in totaal beskik. Verweerders het toe ook haar haarsalon gesluit en het hulle aan die einde van 2005 na Margate verhuis.

17]Ten tyde van haar getuienis in hoof is verweerderes gevra oor waarom die tweede lewensregoooreenkoms gesluit moes word. Sy het verduidelik dat vanweë die feit dat eiser 'n enkelpersoon was toe hy die eerste lewensregoooreenkoms gesluit het en slegs R160 000.00 daarvoor betaal het, terwyl as getroude pare daar wil gaan bly dit R200 000.00 kos, was dit nodig om die tweede lewensregoooreenkoms teen die ekstra betaling van R40 000.00 te onderteken.

In kruisverhoor oor hoe dit gebeur het dat die tweede lewensregoooreenkoms onderteken is, het verweerderes as

volg op p. 221, reël 24 tot p. 227, reël 7 getuig, waarvan ek slegs sekere relevante gedeeltes aanhaal:

“Kyk die gedagte tussen die twee van u was nie dat u sou skei op daardie tydstip nie, die idee was gewees en u sou ook daar moes kon bly as hy nou byvoorbeeld sou doodgaan, dan moet u daar kan bly. ... Verseker.

Dit was die lyn waarin u hulle gepraat het. ... Dit is nie die lyn waarin ons gepraat het nie, die lyn waarin ons gepraat het was die feit dat ek nie daar sou gaan bly, dat ek nie met Jan sal trou as ek nie verseker is van my lewe verder aan nie.

Nou was u gedagte dan nou dat hy nou moet kan trek, hy moet nou nie meer daar kan bly dalk as u-hulle skei nie, is dit soos u dit gesien het of het u nie eers daaraan gedink nie? ... Ek het nie eers daaraan gedink nie, ek wou net geweet het in die lig van my vorige huwelik het ek gesê ek gaan nie, ek gaan nie weer alles van my opoffer, trou en bly sonder dat ek versekering het dat ek versorg is nie.

.....

Nadat u-hulle hierdie huweliksvoorwaardekontak geteken het, toe ry u-hulle af terug Margate toe, is dit nie reg nie? ...

Ja.

Toe gaan u daar weer na die Hibiscus Retirement Village toe. ... Dit is korrek.

Wat toe gebeur het is, word daar nie toe gaan praat daar met hulle oor die feit dat u hulle gaan nou trou en u gaan nou daar kom bly nie? ... Dit is daaroor daardie tyd gepraat.

Ja, maar met die verteenwoordigers van Retirement, met hulle gepraat? ... Ja.

En toe is dit my instruksies, daar word u gesê al manier waarop dit kan gebeur is, julle moet hierdie ooreenkoms aangaan. ... Ons moet 'n nuwe ooreenkoms aangaan.

Ja julle moet 'n nuwe ooreenkoms aangaan. Mevrouw baie dankie. ... Hierdie een is gekanselleer. (Met verwysing na die eerste lewensregoooreenkoms.)

En wat die dag toe daar gebeur is, dit is nou nadat die huweliksvoorwaardekontrak aangegaan is, toe kom u hulle daar ooreen en u gaan hierdie ooreenkoms aan wat nou gedateer is en wat aangeheg is tot ons dagvaarding en dit is nou die een gedateer 22 Maart 2005 op bladsy 20, is dit nie

so nie? ... Dit is korrek.

U teken ook hierdie ooreenkoms. ... Ek moes hom teken, ja.

Natuurlik moes jy hom toe teken. ... Ja.

Want dit is die manier hoe u kan inkom daar. U word toe 'n borg en 'n occupier, is dit nie? ... Ja.

.....

En hierdie is nou die ooreenkoms tussen die twee van u. ...
Ja.

Ja, en dit is vandag nog so. ... Dit is korrek.

Dit lyk my dit is ook hoe dit altyd verstaan het, want ek sien in die reël 43 het u onder eed verklaar dat die twee van u is eintlik mede-eienaars van hierdie lewensreg. ... Dit is korrek.

.....

U het ook hierdie kontrak so verstaan en toe het u hulle hom so uitgevoer, die twee van u het toe saam gewoon daar, is dit nie? ... Dit is korrek.

En nadat u hulle uitmekaar uit is het hy verder daar gebly. ... Seker.

Ja en tot nou toe bly hy nog daar dit is nog steeds hoe u hulle hierdie kontrak uitvoer, is dit nie? ... Dit is korrek.”

18]Soos reeds vroeër hierin vermeld, het mnr. Webster, synde die Hoof Uitvoerende Beampte van Hibiscus Retirement Villages, ook namens verweerderes getuig. Ek is nie voornemens om in detail met sy getuienis te handel nie, maar slegs te verwys na die wesenlike aspekte daarvan wat deel vorm van die vraagstukke in die onderhawige geding. Dit moet ook vermeld word dat hy sy getuienis aangebied het aan die hand van 'n skrywe gerig aan verweerderes se prokureurs van rekord, gedateer 2 Junie 2009, tesame met aanhangsels daartoe, welke skrywe en aanhangsels ontvang is as bewysstuk “G”. Hy het dan ook die gemeensaak-feite bevestig wat betref die aangaan van die eerste lewensreggooreenkoms op 8 Oktober 2002, welke gekanselleer is op 22 Maart 2005 toe die tweede lewensreggooreenkoms gesluit is, met die besonderhede soos reeds vroeër hierin na verwys. Uit sy getuienis is dit

egter duidelik dat daar 'n onderskeid getref word tussen die sogenaamde “sponsor” of borg wat die persoon of persone is wat die betaling doen ten einde die verblyfreg te verkry, en die okkupeerder of okkupeerders wat dan die persone is wat genomineer word deur die “sponsor” om daadwerklik die eenheid te bewoon. Die geld wat onder sekere omstandighede as “refund” of terugbetaling betaal word aan die borg of die boedel van die borg, soos na verwys onder andere in klousules 13.1 en 13.2 van die tweede lewensreg-ooreenkoms, is dus nie noodwendig gekoppel aan die reg tot okkupasie nie. Gevolglik kan 'n okkupeerder, wie terselfdertyd ook 'n borg is, afstand doen van sy reg op okkupasie sonder om afstand te doen van sy reg tot terugbetaling van die geld onder omstandighede soos in klousule 13.1 van die tweede lewensreg-ooreenkoms uiteengesit. In die onderhawige geval en soos blyk uit 'n dokument aangeheg tot aanhangsel “G”, het eiser sy reg op terugbetaling van die geld sedeer aan sy dogter, Gertruida Petronella Genis. Dit plaas egter geen beletsel daarteen dat eiser steeds in terme van die tweede lewensreg-ooreenkoms kan afstand doen van sy reg op okkupasie nie.

Mnr. Webster het ook verduidelik wat klousule 2.7, wat op die oog af 'n sedering van die reg op okkupasie verbied sonder die vooraf skriftelike toestemming van Hibiscus, in praktyk behels. Ter verduideliking het hy vermeld dat indien twee gades in terme van 'n lewensreggooreenkoms beide 'n reg op okkupasie sou hê, en die een gade sou te sterwe kom en die oorblywende gade hertrou, sal die nuwe gade geen reg op okkupasie hê alvorens daar nie 'n nuwe lewensreggooreenkoms met Hibiscus gesluit is met beide sodanige gades as partye daartoe nie. Dit is, aldus sy verduideliking, wat “without written approval of the Society” beteken. Dit is dan ook die rede waarom daar in die onderhawige geval 'n nuwe lewensreggooreenkoms gesluit moes word met verweerderes ook as 'n party daartoe. Waar daar egter twee persone is wat in terme van 'n lewensreggooreenkoms 'n reg op okkupasie het, soos in hierdie geval, kan een van daardie twee afstand doen van sy of haar reg op okkupasie sonder die vooraf skriftelike toestemming van Hibiscus.

Volledigheidshalwe moet vermeld word dat dit uit sy

getuienis blyk dat verweerderes se getuienis, wat ek aanvaar haar *bona fide* persepsie van die situasie was, tot dien effekte dat 'n nuwe lewensreggooreenkoms gesluit moes word omdat R200 000.00 ten opsigte daarvan betaal moes word vir getroude pare en nie slegs R160 000.00 soos in die geval van 'n enkelpersoon nie, nie korrek is nie. Die nuwe ooreenkoms moes gesluit word omdat dit die enigste wyse is waarop verweerderes (ook) 'n bewoningsreg kon verkry. Verdermeer blyk dit dat die verhoging in prys bloot die huidige markwaarde van die tersaaklike eenheid is teenoor die vorige markwaarde van R160 000.00 soos dit gedurende 2002 was.

D: Oorweging van die regsposisie en regsgevolge:

19]Die regsvrae wat voortspruitend uit voormelde feite en getuienis ontstaan met betrekking tot die afdwingbaarheid van die sedering van die lewensreg of dan die reg op lewenslange okkupasie vervat in die huweliksvoorwaardekontrak, die effek wat die kansellasië van die eerste lewensreggooreenkoms en die daaropvolgende sluit van die tweede lewensreggooreenkoms op die afdwingbaarheid van die tersaaklike bepalings van

die huweliksvoorwaardekontrak het, en dies meer, is op volledige wyse deur beide regsverteenwoordigers voor my argumenteer, ook met verwysing na gesag. Ek het uiteraard daardie argumente, sowel as die gesag waarna ek verwys is, behoorlik bestudeer.

20]Mnr. Zietsman het ten eerste aangevoer dat die tweede lewensreggooreenkoms nie die bepalinge van klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak kon wysig nie, selfs nie eers *inter partes* nie. Ter ondersteuning hiervan het mnr. Zietsman my verwys na 'n handboek, waarvan ek die weergawe bekend as ELLIOT: The South Africa Notary, M.J. Lowe *et al*, 6de uitgawe, kon bekom, waar dit op p. 85, par. 9.1, as volg lees:

“The general rule is that an antenuptial contract, once registered and confirmed by marriage, cannot be altered *inter partes*.”

Hy het my voorts verwys na 'n passasie uit die Suid-Afrikaanse Familiereg, Cronje en Heaton, waar dit as volg op p. 111 tot p. 112 lees:

“n Huweliksvoorwaardekontrak verval nie by egskeding of by die dood van een of albei gades nie. Die bedinge in die kontrak, soos huweliksbevoordelings wat nog nie uitgevoer is nie, moet in die gevalle steeds uitgevoer word. Die huweliksvoorwaardekontrak loop eers ten einde wanneer al die bedinge van die kontrak uitgevoer is.

Tot op die oomblik van huweliksluiting kan die partye nog die huweliksvoorwaardekontrak kanselleer of wysig. As die huwelik egter klaar voltrek is, kan die partye oor die algemeen nie die kontrak self deur 'n blote ooreenkoms tussen hulle kanselleer of wysig nie, en dit maak nie saak of sodanige kansellasië of wysiging bedoel is om net *inter partes* te geld nie.”

Ek het ook die tersaaklike uitsprake bestudeer waarna mnr. Zietsman my verwys het en sommige waarvan ook na verwys is in die voetnote wat in voormelde passasies voorkom. Aan die hand hiervan het mnr. Zietsman betoog dat aangesien die huwelik in die onderhawige geval voltrek is en die huweliksvoorwaardekontrak geregistreer is, dit nie gewysig kon word deur die sluiting van die tweede lewensregoooreenkoms nie en dat dit waarop in die

huweliksvoorwaardekontrak ooreengekom is, dus afdwingbaar is en inderdaad afgedwing moet word.

Teenoor voormelde het mnr. Reinders betoog dat dit duidelik uit die getuienis van verweerderes blyk dat die partye deur Hibiscus meegedeel was dat hulle die tweede lewensregoooreenkoms sal moet sluit ten einde dit enigszins moontlik te maak vir verweerderes om 'n reg van okkupering te verkry. Hulle besluit om die tweede lewensregoooreenkoms te sluit met die gepaardgaande kansellasië van die eerste lewensregoooreenkoms het tot gevolg dat wat tussen hulle ooreengekom is in die huweliksvoorwaardekontrak, effektiëf verval het en dat waaraan uitvoering gegee moet word, die terme van die tweede lewensregoooreenkoms is. Gebaseer op hierdie argument het mnr. Reinders gevolglik geargumenteer dat die hele vraagstuk oor die *pactum de non cedendo* derhalwe glad nie eers ter sprake kom of oorweging hoef te geniet nie.

21]Na my mening kan die vraagstuk na die wysiging, verval ensovoorts van klousule 4 van die huweliksvoorwaarde-

kontrak egter eers ter sprake kom indien dit bevind sou word dat dit wat in klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak ooreengekom is, nie strydig met 'n *pactum de non cedendo* plaasgevind het nie. Die rede hiervoor is dat indien dit strydig met 'n *pactum de non cedendo* plaasgevind het, dit in ieder geval geen regsgevolge kan hê nie en/of ook nie gewysig kan word nie. Gevolglik meen ek dat die aspek van die *pactum de non cedendo* eers beslis moet word.

22]Die omskrywing van 'n *pactum de non cedendo* en die regsgevolge daarvan, word as volg opgesom in LAWSA, W.A. Joubert, 2de uitgawe, vol. 2, deel 2, op p. 28, par. 37:

“An agreement preventing a creditor from ceding his or her right against the debtor, a so-called *pactum de non cedendo*, may be concluded expressly or tacitly:

(a) between the debtor and the creditor at the time when the right which is purportedly being ceded was constituted, or

(b) between the cedent and the cessionary, at the time when the obligatory agreement preceding or accompanying the act of cession was concluded.

In the first instance the restraint is a characteristic of the right itself. From its deception the right lacks the attribute of transmissibility. Since the cedent is unable to transfer a better title to another than his or her own it ought to follow that any cession effected in defiance of the undertaking should be without legal effect." (Eie beklemtoning)

In The Law of Cession, Susan Scott, 2de uitgawe, op p. 213 en 214 word dit as volg verwoord:

"If the restricting agreement is part and parcel of the agreement creating the right, such an agreement is also valid, even if the cedent has no interest in the restraint. In both cases, however, the effect of the *pactum de non cedendo* is that the cession contrary to the restraint is of no force and effect ...

In relation to a right which is created as a non-transferable right, a *pactum de non cedendo* is valid as the principle of freedom of contract is paramount here and therefore the requirement that the debtor should have an interest in the agreement is unnecessary. A cession contrary to such an agreement is of no force and effect ... as the nature of the right is such that it is not transferable."

23] Gegewe die datum van sluiting van die huweliks-voorwaardekontrak en die bewoording van klousule 4 daarvan, meen ek dat dit duidelik is dat dit wat in terme daarvan geskenk is deur die sedering daarvan, die lewenslange bewoningsreg is wat eiser in terme van die eerste lewensregoooreenkoms bekom het en die enigste bewoningsreg is waaroor hy op daardie stadium beskik het. In die verband is die bewoording van die huweliksvoorwaardekontrak duidelik dat dit telkens verwys na 'n lewensreg bekom in terme van "n ooreenkoms" en is die lewensreg ook beskryf as synde "n lewensreg verkry (het) op 'n eenheid om daarin te woon tot by sy afsterwe". (Eie beklemtoning) Die terme en voorwaardes van die eerste lewensregoooreenkoms is dus in hierdie geval ter sprake (hoewel die tersaaklike term dieselfde is as in die tweede lewensregoooreenkoms). Die tersaaklike klousule is in besonder klousule 2.7, wat as volg lees:

"The Occupier shall not be entitled to make over, cede, assign or sub-let his rights to occupy the Unit in any way whatsoever or permit any other person to occupy the Unit without the prior written approval of the Society."

24]Mnr. Zietsman het betoog en aan die hand gedoen dat bogemelde bepaling wel onder sekere omstandighede 'n *pactum de non cedendo* daar kan stel, maar indien die bedoeling van die partye met die aangaan van die klousule in die huweliksvoorwaardekontrak beoordeel word, dit nie in hierdie geval so 'n beperking daarstel nie. Ter ondersteuning van hierdie argument het mnr. Zietsman gesteun op die uitspraak in MTK SAAGMEULE (PTY) LTD v KILLYMAN ESTATES (PTY) LTD 1980(3) SA 1 (A).

Mnr. Zietsman het betoog dat dit klaarblyklik die bedoeling van die partye was dat in konsiderasie van die voorgenome huwelik, eiser sal sorg of toesien dat verweerderes sodanige lewensreg op okkupasie of okkupasiereg op daardie eiendom het, in die sin van verkry, en ook sal toesien dat hy dan in die proses afstand doen van sy eie sodanige reg, welke bedoeling slaan op 'n potensiële toekomstige egskeiding. Hy het gevolglik aan die hand gedoen dat dit die bedoeling was dat na huweliksluiting beide partye daar sou bly, maar indien daar 'n egskeiding sou volg, eiser dan sou toesien dat daardie reg van

okkupasie verweerderes sal toekom. Hy het voorts betoog dat dit 'n bepaling is wat nog nie uitgevoer is nie en dat dit steeds uitgevoer kan word, gegewe mnr. Webster se getuienis dat wanneer verweerderes 'n mede-okkupant is, soos tans die geval is, daar nie 'n verbod is daarop dat eiser bloot van sy gedeelte van sy reg op okkupasie kan afstand doen nie, in welke geval die totaliteit van die okkupasie van die eenheid verweerderes sal toeval.

Mnr. Zietsman het egter wel toegegee dat indien die bedoeling van die partye nie as sodanig geïnterpreteer kan word nie, die bepaling in die eerste lewensregoooreenkoms wel geag moet word 'n *pactum de non cedendo* te wees en dat die skenking in klousule 4 dan strydig daarmee was.

25]By nalees van die beslissing in MTK SAAGMEULE (PTY) LTD v KILLYMAN ESTATES (PTY) LTD, *supra*, blyk daar na my mening 'n wesenlike onderskeid te wees tussen die feite ten opsigte van die tersaaklike ooreenkoms wat in daardie geval gesluit is in vergelyking met die onderhawige geval. Daar is op 12 A – D beslis dat twee klousules van die beweerde verbode sessie-ooreenkoms mekaar

weerspreek en dit derhalwe onduidelik en dubbelsinnig maak. Vanweë dáárdie rede het die Hof die bedoeling van die partye probeer vasstel uit die ander bepalings van die kontrak en het die Hof ook afleidings gemaak van bewese feite wat aangetoon het hoe die partye self die kontrak vertolk het, ook deur hul latere gedrag, ten einde die werklike bedoeling van die partye vas te stel (op 12 F - G).

In die onderhawige geval meen ek dat die bewoording van klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak geensins dubbelsinnig of onduidelik is nie. Uit die bewoording van die kontrak self is daar nie sprake van 'n moontlike bedoeling dat die afstanddoening bedoel was om eers plaas te vind in geval van 'n egskeiding nie. Die bedoeling blyk te wees, aldus die bewoording gebruik, en anders as in voormelde uitspraak (op 13 B - D daarvan), dat dit juis die bedoeling was dat daar (onmiddellik) 'n oordrag of dan sessie sou plaasvind wat verweerderes as die houer van 'n lewenslange reg op okkupasie van die eenheid in die plek van eiser sou laat tree *vis-à-vis* Hibiscus. Daar is geen aanduiding in die bewoording as sulks dat dit die bedoeling was om op die toekoms te slaan nie – of ten minste is daar

nie 'n dubbelsinnigheid of teenstrydigheid wat blyk uit die bewoording as sulks nie. (Wat na my mening volgens die getuienis die werklike bedoeling van die partye was, sal hierinlater weer deur my aangespreek word.)

By gebrek aan enige dubbelsinnigheid in die bewoording van die huweliksvoorwaardekontrak self, kan ek nie verweerders se getuienis ten opsigte van die bedoeling van die partye, in ag neem nie:

“The reason why rectification is necessary before the true version of the contract can be enforced is that, while the written contract stands unrectified, it excludes evidence to prove the true version, by the combined effect of the parol evidence rule and the rule that no evidence may be given to alter the clear and unambiguous meaning of a written contract.”

Sien THE LAW OF CONTRACT IN SOUTH AFRICA, R.H.

Christie, 5de uitgawe, op p. 330.

E: Gevolgtrekkings:

26]Die sessie-ooreenkoms in klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak bots dus na my mening lynreg

met die *pactum de non cedendo* vervat in klousule 2.7 van die eerste lewensregeereenkom. Gevolglik is klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak *ab initio* nietig en onafdwingbaar.

27]Voormelde bevinding het tot gevolg dat dit ook nie op enige wyse geratifiseer kan word deur Hibiscus nie en die daaropvolgende registrasie daarvan het ook nie geldigheid daaraan verleen nie. In WILLE'S PRINCIPLES OF SOUTH AFRICAN LAW, Du Bois, 9de uitgawe, op p. 738 word dit as volg gestel:

“In such cases the agreement confers no legal rights on either party. It follows that there is no contract; it cannot be ratified subsequently by one or even by both of the parties, and the fact that it has been registered cannot validate it. No order of court is required to set the agreement aside for it is worthless and non-existent; but if the agreement has actually been registered, for example, an antenuptial contract, it is safer for the person who does not wish to be bound by the agreement to have the registration set aside by the court. While a void contract confers no right of action on either of the parties, if one of them has actually made

performance in pursuance of the agreement the court will in certain circumstances grant him redress by way of restoration of property or of compensation in money.”

28]Vanweë voormelde bevinding, is dit na my mening gevolglik onnodig om enigsins die vraagstuk rondom die wysiging, aldan nie, van klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak, te beslis, aangesien daar uiteraard nie sprake kan wees van die wysiging van 'n nietige kontrak nie. Net so, inaggenome mnr. Reinders se betoog waarna ek vroeër verwys het, hoef ek ook nie oorweging te skenk aan die vraag wat die gevolg is van die feit dat die tweede lewensreggooreenkoms gesluit is en die eerste lewensreggooreenkoms gekanselleer is vóór huweliksluiting en dat dit wat in die huweliksvoorwaardekontrak sedeer was, dus nie meer bestaan het ten tyde van óf huweliksluiting óf registrasie van die huweliksvoorwaardekontrak nie.

F: Alternatiewe vorderings met betrekking tot klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak:

29]Vanweë die bevindings reeds hierbo gemaak, het dit tot

gevolg dat die alternatiewe vorderings van verweerderes soos uiteengesit in paragrawe 6.4 en 6.5 van verweerderes se teeneis, regtens nie gefundeerd is onder hierdie omstandighede nie en dus ook nie kan slaag nie. In ieder geval ondersteun die getuienis na my mening nie enige bewerings van opsetlike of bedrieglike gedrag deur eiser nie (ek sal hierinlater weer terugkeer na my interpretasie van die bedoeling van die partye).

VORDERING TEN OPSIGTE VAN DIE POLIS SOOS UITEENGESIT IN KLOUSULE 3 VAN DIE HUWELIKSVORWAARDEKONTRAK:

30]My bevinding dat klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak nietig is, het geen effek op die geldigheid van klousules 1, 2 en 3 van die huweliksvoorwaardekontrak nie. Dit was ook nie te enige tyd eiser se saak nie. Gevolglik is daar na my mening regtens geen beletsel teen die verlening van 'n bevel ter nakoming van klousule 3 van die huweliksvoorwaardekontrak nie.

31]Wat die feitelike situasie betref, het mnr. Zietsman tereg in

sy argument uitgewys dat in eiser se opsomming van maandelikse inkomste en uitgawes wat as bewysstuk “E” ingehandig is, duidelik aangedui word dat hy ’n uitgawe het ten opsigte van ’n lewenspolis wat beskryf word as “Disc Life”. Ook in eiser se opponerende verklaring in die Reël 43 aansoek onder aansoeknommer 773/08 het eiser op p. 28 van die gepagineerde stukke, par. 21.7, aangedui dat hy ’n maandelikse uitgawe ten opsigte van ’n Discovery lewenspolis het. Op die getuienis voor my en by gebrek aan getuienis tot die teendeel, aanvaar ek dus dat voormelde inderdaad verwys na die Discovery polis waarvan die opbrengs in terme van klousule 3 van die huweliksvoorwaardekontrak aan verweerderes seeder is en dat daardie polis dus nog *in esse* is.

32]Derhalwe is verweerderes geregtig op ’n bevel ter nakoming en uitvoering van die skenking vervat in klousule 3 van die huweliksvoorwaardekontrak.

REG OP EN OMVANG VAN ONDERHOUD:

A: Tersaaklike regsbeginsels:

33]Verweerderes het in paragraaf 4 van haar teeneis R6

800.00 per maand onderhoud gevorder, betaalbaar tot haar dood of hertroue, gebaseer op die volgende:

- “4.1 die duur van die huwelik;
- 4.2 die huidige en verwagte inkomste van die partye;
- 4.3 die onderskeie verdienvermoë van die partye;
- 4.4 die lewenstandaard wat die partye gehandhaaf het tydens die bestaan van die huwelik;
- 4.5 die nadelige finansiële gevolge wat die verweerderes gely het as gevolg van die huwelik;
- 4.6 die gedrag van die eiser wat aanleiding gegee het tot die verbrekking van die huwelik.”

34]Soos ter aanvang deur mnr. Reinders in sy betoog uitgewys, is dit 'n neergelegde beginsel dat geen party 'n reg op onderhoud na egskeiding het nie. Sien STRAUSS v STRAUSS 1974(3) SA 79 (A) en BOTHA v BOTHA 2009(3) SA 89 (W) op 95 D. Die betaling van onderhoud aan 'n gade by egskeiding is deur wetgewing geskep. In die verband bepaal Artikel 7(2) van die Wet op Egskeiding, 70 van 1979, as volg:

“7(2) By ontstening van 'n bevel gegee kragtens sub-artikel (1) met betrekking tot die betaling van onderhoud

deur die een party aan die ander kan die hof, met inagneming van die bestaande of verwagte vermoëns van elk van die partye, hulle onderskeie verdienvermoëns, finansiële behoeftes en verpligtinge, die ouderdom van elk van die partye, die duur van die huwelik, die lewenspeil van die partye voor die egskeiding, hulle gedrag vir sover dit op die verbrokkeling van die huwelik betrekking het, 'n bevel ingevolge sub-artikel (3) en enige ander faktor wat na die oordeel van die hof in aanmerking geneem behoort te word, 'n bevel gee wat die hof billik ag met betrekking tot die betaling van onderhoud deur die een party aan die ander vir enige tydperk tot die dood of hertroue van die party ten gunste van wie die bevel gegee is, na gelang die een of die ander eerste plaasvind.”

Terselfdertyd, soos deur mnr. Reinders ten tyde van sy argument versoek, moet die vraagstuk oorweeg word, veral in hierdie bepaalde geval waar daar nie kinders gebore is uit die huwelik nie, sonder dat daar enige diskriminasie teen enige van die partye plaasvind op basis van hul ouderdom en/of hul geslag. Dit blyk egter dat die gemeenregtelike beginsels ten opsigte van onderhoud, sowel as die

beginsels vervat in Artikel 7(2) van die wet, juis nie strydig is met voormelde grondwetlike beginsels waarna mnr. Reinders verwys het nie. Sien BOTHA v BOTHA, *supra*, op 96 F - G.

35]Die woord “kan” wat in Artikel 7(2) van die wet gebruik word, is ook aanduidend daarvan dat dit ’n judisiële diskresie is wat uitgeoefen moet word by die oorweging van die vraag of onderhoud toegestaan moet word aldan nie, en die omvang daarvan, en dat geen party ’n reg daartoe het nie. Sien BOTHA v BOTHA, *supra*, op 95 H - I. Hoewel daar dus ’n behoorlike saak vir die vordering van onderhoud op ’n oorwig van waarskynlikhede uitgemaak moet word (sien BOTHA v BOTHA, *supra*, op 97 C - D en PORTINHO v PORTINHO 1981(2) SA 595 (T)) het die Hof ’n wye diskresie hieromtrent. Sien ZWIEGELAAR v ZWIEGELAAR 2001(1) SA 1208 (SCA) op 1211 F - G.

36]Wat betref bogemelde aangehaalde bewoording van die wet wat verwys na ’n bevel wat die Hof “billik” ag, word dit in die Engelse weergawe van die wet omskryf as ’n bevel wat die Hof ag “just” te wees. Met betrekking tot die vraagstuk

van wat 'n Hof as “billik” of “just” beskou, meen ek dat die tersaaklike beginsels baie treffend uiteengesit is in BOTHA v BOTHA, *supra*, op 97 D - 98 F, waarmee ek my met eerbied vereenselwig:

“[42] In exercising its wide discretion a divorce court may or may not make an order granting maintenance. Where maintenance is granted this may be for ‘any period’, whether a specified period of time or until the happening of an event.

[43] The purpose of the court’s enquiry in terms of S 7(2) is to determine what award would be ‘just’. The enquiry is necessarily directed towards the interests of both spouses and the impact which the order will have on each. Justice must therefore be measured as between Mr and Mrs Botha.

[44] Few reported judgments on application of the Divorce Act have addressed themselves to the meaning to be given to the goal of achieving what is ‘just’. In *Zwiegelaar v Zwiegelaar* 2001(1) SA 1208 (SCA) the court commented that it would be just to recognise accommodation requirements as part of maintenance needs, while *Buttner v Buttner* 2006(3) SA 23 (SCA)

stated that the court is enjoined to 'effect justice as between the parties'.

[45] What is 'just' has been considered in the context of insolvency and liquidation. In *Pienaar v Thusano Foundation and Another* 1992(2) SA 552 (B), Friedman AJP said the following:

'By their very nature the words "just and equitable" are incapable of an all-embracing and exhaustive definition, and it is not surprising that the Courts have been unable to define them in an all-encompassing manner.

In its plain, grammatical meaning, "just" means *inter alia* correct, appropriate fair-minded, sound, deserved, fitting, reasonable, justified and "equitable" means *inter alia* even-handed, fair, honest, reasonable, right.

This in effect connotes and signifies that, if the Court, in exercising its discretion judicially, comes to the conclusion that it is correct and appropriate and fair and reasonable to wind-up a company it will do so.

To put it another way, in its process of reasoning the Court is guided by "broad conclusions of law, justice and equity",

and in doing so it must take into account competing interests and determine them on the basis of a judicial discretion of which “justice and equity” are an integral part. The Court has to balance the respective interests and tensions and counterbalance the competing forces and resolve and determine them in a fair, proper and reasonable manner.’

[46] What is thought to be a ‘just’ order in the context of the Divorce Act must contain a moral component of what is thought to be ‘right’ and ‘fair’. Fairness envisages that the order is ‘appropriate’ as between the parties, and when measured against all the factors specified in s 7(2) and those others which a court decides should also be taken into account. What is ‘appropriate’ deems one back full circle to the moral consideration that the order must be ‘deserved’. Of course, any ‘just’ order must be ‘well-founded’ on fact and reflect relevant and proper legal principles.

[47] The considerations to which a court must have regard as specified in s 7(2), as well as ‘any other factor’, encompass the enquiries as to whether or not an award of maintenance should be granted and, if so, in what

amount, for what period and on what conditions. There is obviously much overlap in the import of these considerations. Most of the specified factors seem to guide the court as to both entitlement to and quantum of maintenance.”

37]Tesame met bogemelde blyk dit dat gegewe die feit dat 'n hof in terme van Artikel 7(2) van die wet geregtig is om “enige ander faktor wat na die oordeel van die hof in aanmerking geneem behoort te word”, mag oorweeg, aanduidend is daarvan dat die Hof se diskresie in die verband absoluut is. Sien GRASSO v GRASSO 1987(1) SA 48 (C). Terselfdertyd behoort geen van die faktore wat die Hof in ag neem, egter geag word dominant te wees nie. Sien S v SWART 1980(4) SA 364 (O) op 376.

B: Betoë:

38]Mnr. Zietsman het betoog dat met inagneming van die feite, omstandighede en relevante faktore soos blyk uit die getuienis, dit verweerderes geregtig maak op onderhoud in terme van Artikel 7(2) van die wet. Hierteenoor het mnr. Reinders betoog dat die enigste bevel met betrekking tot

onderhoud wat toegestaan behoort te word, is 'n bevel soos uiteengesit in die tender ooreenkomstig Reël 34, synde oorbruggingsonderhoud in die bedrag van R5 000.00 per maand vir 'n periode van twaalf maande, maar, het mnr. Reinders betoog, dat anders as in die tender aangebied (en gegewe dat die tender nie aanvaar was nie), die twaalf maande nie bereken moet word vanaf datum van egskeiding nie, maar wel vanaf datum van die tender, synde 2 Junie 2009. Mnr. Reinders se betoog was voorts dat verweerderes op 54 jaar oud vir die derde keer getroud is en dat daar geen basis is waarop eiser, as pensionaris, nadat hy slegs relatief kort met haar getroud was, vir die res van sy lewe met verweerderes se onderhoud belas behoort te word nie. Sy betoog was dat verweerderes skaars weg was vanaf eiser, toe het sy weer 'n betrekking bekom. Daarteenoor is daar egter, aldus sy betoog, nie weer 'n kans dat eiser 'n betrekking sal bekom nie. Hy het voorts betoog dat verweerderes in effek in dieselfde posisie tans is as wat sy voor huweliksluiting was, deurdat sy die R300 000.00 het wat uit die verkoping van haar huis beskikbaar geraak het, dat sy weer 'n haarsalon kan open, veral inaggenome die onderhoud wat sy intussen *pendente lite* ontvang het en wat

sy behoort te gebruik het om sodanige haarsalon weer op die been te gebring het. Hierteenoor, aldus mnr. Reinders se verdere argument, is dit duidelik dat eiser se belegging van R1 2000 000.00 gekrimp het tot R900 000.00, aangesien eiser intussen kapitale onttrekkings moes maak.

C: Tersaaklike faktore:

C1: Partye se omstandighede voor sluiting van die huwelik:

39]Ek het reeds die agtergrond omstandighede met betrekking tot die partye se huweliksluiting, met insluiting van hul eerste huweliksluiting, in paragrafe 11.1 en 13 hierbo uiteengesit, welke ek weer hierby in ag neem. Uit daardie feite en getuienis blyk dit dat op die stadium toe die partye die tweede keer in die huwelik bevestig is, verweerderes oor haar eie woning en oor haar eie haarsalon beskik het. Sy was selfonderhoudend op daardie stadium. Ten tyde van kruisverhoor is daar aan haar gevra dat indien die salon so baie geld gemaak het, waar die geld was op daardie stadium. Sy het verduidelik dat dit maandeliks gebruik is vir lewensonkoste, betaling van haar huisverband, voorraad, haar kinders wat sy moes versorg en dies meer. Met verwysing na haar lewensonkoste op daardie stadium was

daar 'n pertinente vraag aan haar gestel met die volgende antwoord:

“Hoeveel is dit per maand? ... Op daardie stadium was dit seker so R8 000.00 per maand.”

Ten tyde van die kruisverhoor van mnr. Jooste, synde die boekhouer van eiser, het hy op 'n vraag van mnr. Reinders of hy ook die boekhouer van verweerderes was, getuig dat hy nie persoonlik was nie, maar dat die kantoor waar hy werksaam is, wel was. Op 'n verdere vraag het dit geblyk dat hy wel finansiële state ten opsigte van verweerderes se haarsalon vir die finansiële jare geëindig 2004 en 2005, onderskeidelik, saamgebring het Hof toe. Hierdie finansiële state is toe as bewysstukke “F1” en “F2” onderskeidelik ingehandig. Daarvolgens het dit geblyk dat haar netto wins vir die jaar 2004 R29 627.45 was en vir die jaar 2005 R31 146.05. Na aanleiding van hierdie “getuienis” het mnr. Reinders betoog dat verweerderes se vroeëre getuienis dat sy lewensonkoste van R8 000.00 per maand uit die haarsalon kon betaal het, 'n blatante oneerlikheid is.

Ek meen egter dat dit nie bloot so geargumenteer kan word nie. Die feit van die saak is dat sonder noodwendige

inagneming van die syfer daaraan verbonde, is dit verweerderes se onbetwiste getuienis dat dit wat sy uit die haarsalon verdien het, voldoende was om ten volle haarself en haar kinders te onderhou, veral inaggenome haar verdere getuienis dat sy slegs vir 'n jaar na haar eerste egskeiding R2 000.00 onderhoud vanaf eiser ontvang het. Daar is geen getuienis dat sy enige ander bron van inkomste gehad het nie en dus moet aanvaar word dat sy voldoende fondse uit die haarsalon verkry het vir haar (en haar kinders) se onderhoud. Verdermeer was dit pertinent mnr. Jooste se getuienis (in herverhoor) dat hy nie verweerderes se boekhouer was nie en dat die finansiële state, bewysstukke “F1” en “F2”, nie deur hom opgestel is nie, maar deur ene mnr. Claassen van hul kantoor. Dit, saam met die feit dat verweerderes self op geen stadium met hierdie syfers gekonfronteer is om sodoende die betroubaarheid daarvan of die ongeloofwaardigheid van die verweerderes ten opsigte daarvan, ten toon te stel nie, het na my mening tot gevolg dat bewysstukke “F1” en “F2” hoorsê getuienis daarstel en hoewel daar nie daarteen beswaar gemaak is nie, is die getuieniswaarde wat ek daaraan kan heg, na my mening dus uiters minimaal, indien

enige iets. Dit kan ook nie geargumenteer word dat eiser nie die geleentheid gehad het om verweerderes omtrent die syfers te kruisverhoor nie, want nie net kon verweerderes vir daardie doel teruggeroep word na die getuie bank nie, maar was eiser nog deurentyd in besit van beweerde finansiële state ten opsigte van die salon vir die jaar 2006, soos blyk uit verweerder se opponerende verklaring in die Reël 43 aansoek onder aansoeknommer 773/2008, p.22, paragraaf 12.1, saamgelees met aanhangsel “A” daartoe. Desnieteenstaande is verweerderes op geen stadium met hierdie inligting in kruisverhoor gekonfronteer nie.

40]Dit blyk voorts uit verweerderes se getuienis dat sy voorafgaande die sluiting van die huwelik oor haar eie mediese fonds beskik het – ’n volledige mediese fonds en nie net ’n hospitaalplan nie. Verder het sy ook uitkeerpolisie gehad. Na huweliksluiting het eiser haar egter meegedeel dat hierdie fonds en polisse nie meer nodig is nie, aangesien hy vir haar sou sorg. Sy het gevolglik haar mediese fonds gekanselleer en die ander polisse is afgekoop. Die fondse wat sy hieruit verkry het, het ongeveer die bedrag van R60 000.00 tot R70 000.00

beloop, welke geld sy saam met die opbrengs van haar huis, waarna ek hierinlater weer sal verwys, belê het en tans nog op belegging het. Die R20 000.00 wat sy gebruik het ten einde haar aandeel in terme van die tweede lewensreggooreenkoms te betaal, het ook uit hierdie geld wat vanuit die polisse bekom is, gekom.

41]Ek aanvaar dus op die getuienis voor my dat verweerderes ten volle self-onderhoudend was voor die sluiting van die huwelik, wat insluit dat sy oor 'n woonhuis van haar eie en 'n mediese fonds beskik het.

42]Wat eiser betref, moet daar tot die grootste mate gespekuleer word oor wat sy finansiële posisie was voordat hy weer met verweerderes in die huwelik getree het, aangesien hy klaarblyklik nie sy weg oopgesien het om die Hof in sy vertrouwe te neem en self daaromtrent te getuig nie. Behalwe om af te lei dat eiser onmiddellik voor die huweliksluiting reeds 'n pensionaris was en dit vasstaan dat hy op daardie stadium reeds oor die lewensreg ten opsigte van okkupasie te Hibiscus beskik het ooreenkomstig die eerste lewensreggooreenkoms, is verdere stellings wat in die

verband namens eiser gemaak is, uiteraard nie getuienis nie.

C2: Die huwelik en veranderinge teweeggebring deur die huwelik:

43]Ek het reeds vroeër in hierdie uitspraak gehandel met die situasie dat die huweliksluiting teweeggebring het dat verweerderes haar woonhuis verkoop het en haar haarsalon (wat vanaf die woonhuis bedryf was in 'n aparte woonstel in die erf) se deure gesluit het. Ek neem weereens daardie getuienis in ag vir doeleindes van die oorweging van hierdie faktor ter beregting van die onderhoudsaspek. Inteendeel, dit blyk ook dat eiser verweerderes onder geweldige druk geplaas het om haar huis te verkoop en die haarsalon tot niet te maak. Op p. 207 van die getikte oorkonde het sy weereens ten tyde van kruisverhoor getuig dat sy eiser by verskeie geleenthede gevra het dat sy aangaan met die salon vir die volgende vyf na tien jaar toe, dat sy aanhou om te werk. Die eiser wou egter niks daarvan hoor nie en wou nie in Hoopstad bly nie.

44]Hoewel verweerderes dus die opbrengs van die huis, synde ongeveer R300 000.00, tans op belegging het, het die

huweliksluiting tot gevolg gehad dat sy die fisiese woonhuis van haar eie “verloor” het, sowel as die bron van haar inkomste sedert 1983 (met uitsluiting van die ongeveer twee jaar toe sy die eerste keer met eiser getroud was), synde die haarsalon.

Voorts blyk dit uit paragraaf 40 hierbo, dat die huweliksluiting ook tot gevolg gehad het dat sy haar mediese fonds en haar polisse tot niet gemaak het, hoewel ek wel insgelyks in ag neem dat sy ongeveer R70 000.00 voortspruitend uit die afkoop van die polisse, op belegging het waaruit sy tans steeds `n maandelikse rente-inkomste verdien.

45]Hoewel mnr. Reinders ten tyde van die kruisverhoor gepoog het om grond van sy instruksies vanaf eiser verweerderes sover te kry as om toe te gee dat sy op doktersadvies nie kon voortgaan met die bedryf van haar salon nie, meen ek dat die kruisverhoor nie suksesvol was daarmee nie. Wanneer haar getuienis in die verband beoordeel word, blyk dit duidelik dat verweerderes se getuienis tot dien effekte is dat die dokter wel gediagnoseer het dat daar spasmas in haar skouers ontwikkel het, maar

dat dit nie onherstelbaar was nie en het die dokter nie by wyse van werklike advies aangedui dat sy haar werksverrigtinge moes staak nie. Haar getuienis is duidelik dat die dokter spottenderwys vermeld het dat sy eerder moet ophou werk en in Margate gaan bly. Geen getuienis is deur eiser ter weerspreking hiervan aangebied nie en is die stellings in die verband weereens nie getuienis nie. Verdermeer is die onbetwiste getuienis ook dat verweerderes in ieder geval toe steeds daarna vir tien maande lank haar haarsalon bedryf het, synde tot einde 2005. Met voormelde inaggenome, meen ek nie dat dit enigsins vir verweerderes nodig was om die dokter se getuienis ter ondersteuning van haar getuienis aan te bied, soos deur mnr. Reinders betoog was nie. Na my mening is daar dus nie getuienis op grond waarvan ek kan bevind dat dit vir ander redes, soos byvoorbeeld mediese redes, is dat verweerderes die bedryf van haar haarsalon gestaak het anders as dat eiser daarop aangedring het voortspruitend uit die huweliksluiting nie.

46]Ek het reeds vroeër hierin gehandel met klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak gesluit tussen die partye en dat

dit vir die redes bevind, nietig is. Ten spyte van hierdie regstegniese nietigheid, meen ek dat die partye se bedoeling met die sluiting daarvan, steeds 'n faktor is wat ek in ag behoort te neem by die oorweging van die vraag of verweerderes 'n behoorlike saak ten opsigte van haar vordering vir onderhoud, uitgemaak het. Hoewel dit ook onder die huidige bespreking relevant is, ag ek dit doelmatig om eerder later volledig na hierdie aspek terug te keer.

47]Dit moet ook vermeld word dat in kruisverhoor op 'n stelling van mnr. Reinders dat indien verweerderes nie getrou het nie en met die haarsalon sou voortgaan, sy vandag in dieselfde finansiële posisie sou gewees het as wat sy huidiglik is, het sy as volg geantwoord op p. 208 van die getikte oorkonde:

“Ek sou vandag beslis in 'n beter situasie gewees het, want my kinders was uit die huis op daardie stadium. Die jaar toe ek met Jan getroud is, het my dogter klaar studeer en dit was my derde kind wat ek klaar gehad het, so ek sou vir die eerste keer dan vir myself sonder dat ek kinders hoef te onderhou of te versorg of te laat leer of wat ook al, sou ek tot vandag toe in 'n baie beter situasie gewees het.”

Daar is na my mening geen rede of basis waarom ek nie hierdie getuienis van verweerderes moet aanvaar nie. Ek moet ook op die getuienis aanvaar, anders as deur mnr. Reinders gestel en later betoog, dat die huweliksluiting verweerderes se finansiële posisie en posisie van finansiële onafhanklikheid en selfstandigheid, nadelig beïnvloed het.

48]Dit is wel so dat die huweliksluiting ook die positiewe gevolg gehad het dat verweerderes toe eventueel saam met eiser in die eenheid te Hibiscus gaan woon het en dat sy die belegging gehad het waaruit sy 'n rente-inkomste verdien het en tans steeds verdien. Haar onbetwiste getuienis is egter ook dat toe sy ten tyde van die bestaan van die huwelik te Hibiscus genader is om behulpsaam te wees in die plaaslike haarsalon in die kompleks, wat sy met ander woorde kon gebruik om haar inkomste aan te vul, eiser haar glad nie wou toelaat om dit te doen nie.

49]Weereens is daar geen getuienis deur eiser aangebied wat daarop dui dat sy finansiële posisie enigsins versleg het of benadeel is deur of as gevolg van die huweliksluiting nie.

C3: Die lewenspeil of lewensstandaard van die partye ten tyde van die huwelik:

50]Volgens verweerderes se getuienis was daar geen finansiële tekort tydens die bestaan van die huwelik nie. Aldus haar was daar teoreties ook nie 'n finansiële probleem om aktiwiteite te doen soos uiteet en vakansiehou nie, hoewel eiser, aldus haar getuienis, byvoorbeeld nooit voorgestel het dat hulle gaan uiteet nie. Hierdie getuienis word by gebrek aan enige getuienis tot die teendeel deur eiser, aanvaar.

C4: Finansiële vermoëns van die partye en hul onderskeie verdien-vermoëns:

51]Ek aanvaar die getuienis dat verweerderes tans oor 'n belegging van R370 000.00 beskik, waaruit sy 'n maandelikse rente-inkomste van ongeveer R2 700.00 verdien. Aldus haar getuienis, wat nie weerspreek is nie en ook aanvaar word, is hierdie belegging vir 'n vaste termyn van vyf jaar gedoen. Soos blyk uit haar getuienis, gelees met p. 52 van bewysstuk "C", synde verweerderes se bewysstukbundel, is die belegging ten opsigte van die R300 000.00-gedeelte op 23 Augustus 2007 gedoen, terwyl

die belegging ten opsigte van die R70 000.00-gedeelte op 9 Mei 2007 geprosesseer is.

Ten tyde van die verhoor en uiteraard tans steeds, het verweerderes ook in terme van die Reël 43 hofbevel onder aansoeknommer 773/08 onderhoud *pendente lite* ten bedrae van R5 000.00 per maand ontvang sedert 6 Maart 2008. Hierdie *pendente lite* onderhoud sal uiteraard verval by lewering van die onderhawige uitspraak.

Ten tyde van die verhoor het verweerderes ook 'n tydelike pos as onderwyseres bekleed by die Modderfontein Laerskool sedert Maart 2009, waarvoor sy 'n netto salaris van R6 900.00 ontvang. Hierdie pos is egter nie 'n permanente pos nie. Ek keer later weer hierna terug.

52]Verweerderes het matriek geslaag en het in 1972 'n Hoër Onderwys Diploma verwerf. Op 'n vraag van myself het sy verduidelik dat dit haar kwalifiseer om skool te hou vir Graad 3, 4, 5, 6 en 7, maar nie vir Grondslag Fase, met ander woorde Graad 1, 2 en 3 nie. Dit kwalifiseer haar ook nie vir hoërskool onderwys nie. Sang en musiek was haar

hoofvakke waarvoor sy opgelei is. Volgens haar onbetwiste getuienis, wat ek dus aanvaar, het sang- en musiekposte in die hedendaagse tyd tot 'n groot mate verval en is daar weinig van dit beskikbaar.

Nadat sy gekwalifiseer het, het sy onderwys gegee tot 1977 en nie weer daarna tot en met Oktober 2008, nadat sy en eiser reeds verwyderd van mekaar was nie.

Verweerderes se onbetwiste getuienis is ook dat sy slegs drie jaar opleiding het, terwyl dit hedendaags verpligtend is dat alle onderwysers wat in permanente poste aangestel word, vier jaar opleiding moet hê. Derhalwe is sy maand tot maand afhanklik van die huidige onderhoud van eiser en is sy geensins verseker van 'n onderwyspos in die toekoms nie. Voorts is dit haar onbetwiste getuienis dat sy in ieder geval nie op haar ouderdom, nadat sy dertig jaar terug uit die onderwys uit is, weer 'n permanente pos sal kan bekom nie.

[53] Verweerderes is voorts ook nie gekwalifiseer as 'n haarkapster nie en het sy haar in haar getuienis as 'n

“selfgemaakte” haarkapster beskryf. Soos voorheen hierin vermeld, het sy, aldus haar getuienis, haar eie haarsalon te Hoopstad begin bedryf gedurende 1983 tot en met 1997, toe sy en eiser die eerste keer getroud is, en na hul eerste egskedding in Februarie 1999, het sy weer ’n haarsalon geopen te Hoopstad, welke sy bedryf het tot en met Desember 2005, toe sy dit gestaak het, aldus haar aanvaarde weergawe, op eiser se aandrang. Ek het reeds in paragraaf 38 hierbo gehandel met haar getuienis wat betref die inkomste wat sy uit hierdie haarsalon ontvang het en tot welke mate sy haarself en haar drie kinders daaruit onderhou het.

- [54] Verweerderes het getuig dat nadat sy en eiser uitmekaar is op 1 Januarie 2008, sy aansoek gedoen het om verskeie poste. Omdat sy graag in Hoopstad of in die omgewing wou werk bekom, het sy onder andere aansoek gedoen te Bloemhof skool, maar sonder sukses. Sy het ook by Grey te Bloemfontein aansoek gedoen om ’n matrone pos, maar ook sonder sukses. Sy het ook aansoek gedoen by ’n haarsalon, maar omdat sy geen kwalifikasies daarvoor het nie, was sy ook daarmee onsuksesvol.

Gedurende Oktober 2008 het sy haar suster besoek vir haar verjaarsdag en terwyl sy daar was, is sy 'n aflospos as onderwyseres aangebied by die skool waar haar suster skoolhou, in die plek van 'n onderwyseres wat op kraamverlof was. Dus het sy tussen Oktober 2008 en Februarie 2009 hierdie pos bekleed. Na aanleiding van hierdie pos, is sy deur 'n ander skool, Modderfontein Laerskool te Westonarea genader nadat die skool te veel kinders gehad het vir twee klasse en hulle 'n derde klas moes maak. Dit is 'n tydelike pos en bekleed sy dit sedert Maart 2009.

- [55] Na my mening blyk dit dus dat verweerderes se omstandighede gedeeltelik vergelyk kan word met die omstandighede wat geheers het in die geval van WEINER v WEINER (appèlnommer 995/2004), 'n ongerapporteerde uitspraak gelewer in die Kaapse Provinsiale Afdeling deur 'n Volbank op 11 Februarie 2005, en na welke uitspraak ook in BOTHA v BOTHA, *supra*, verwys is. In die onderhawige geval is verweerderes net nog ouer, wat haar kanse op gereelde tydelike poste nog

minder maak as in daardie geval. Hierdie omstandighede het, soos in WEINER v WEINER, *supra*, paragraaf 10 daarvan, tot gevolg dat ek genoodsaak is om te aanvaar dat verweerderes se omstandighede met betrekking tot 'n onderwyspos sodanig is dat sy noodwendigerwys vir onbepaalde tydperke nie 'n tydelike pos sal kan bekom nie en hoe ouer sy word, hoe slegter gaan haar kanse om enige tydelike pos te bekom, word. 'n Berekening hieromtrent, op 'n soortgelyke wyse as wat gedoen is in WEINER v WEINER, *supra*, sal tegelegenertyd hierin deur my gedoen word.

56]Mnr. Reinders het stellings aan verweerderes gemaak en ook by afsluiting van die verhoor daaromtrent betoog dat dit verweerderes vrystaan om terug te keer na Hoopstad en weer 'n haarsalon te begin bedryf. Sy het egter getuig dat sy nie op haar huidige gevorderde ouderdom kans sien om weer 'n derde keer van voor af te begin om 'n salon op te bou, in besonder nadat daar soveel ander salonne intussen oopgemaak het nie. Ek meen dat dit onrealisties en vergesog is om van verweerderes te verwag om van meet af weer 'n salon in Hoopstad te begin. Buiten dat ek haar

getuienis aanvaar dat daar intussen ander haarsalonne oopgemaak het wat nie voorheen daar bestaan het nie, moet ook in ag geneem word dat sy reeds teen einde 2005 Hoopstad verlaat het en derhalwe nie meer geag kan word alombekend te wees daar nie. (Toe sy die haarsalon opnuut begin het na haar eerste egskeiding met eiser, was sy ten minste deurentyd in Hoopstad distrik woonagtig en derhalwe steeds daar bekend, wat tans nie die situasie is nie.) Daar is ook geen getuienis dat sy enige van die toerusting wat nodig is om 'n haarsalon te bedryf steeds tot haar beskikking het nie. Verdermeer is verweerderes ook meer as 10 jaar ouer as toe sy die vorige keer die haarsalon opnuut begin het.

Selfs gebaseer op mnr. Reinders se argument met betrekking tot die opening van 'n nuwe haarsalon, gaan sy nie fondse beskikbaar hê om dit te doen, 'n deposito op 'n huis te betaal, weer 'n huisverband te betaal, haar lewensonkoste te dek en toerusting vir die haarsalon te koop wanneer sy geen onderhoud of selfs een jaar se oorbruggings-onderhoud sou ontvang nie. Sy kan ook nie die kapitaal wat sy tans op vaste belegging het, daarvoor

gebruik nie, aangesien dit aldus die onbetwiste getuienis eers teen 2012 beskikbaar sal wees. In ieder geval blyk dit dat op waarskynlikhede, gegewe die tersaaklike feite, dit onwaarskynlik is dat sy weer 'n suksesvolle haarsalon op die been sal kan bring op hierdie stadium van haar lewe.

57]Wat eiser betref, weereens gegewe dat hy besluit het om nie die Hof in sy vertroue te neem deur getuienis aan te bied rondom sy persoonlik omstandighede en finansiële posisie nie, is daar wel sekere inligting beskikbaar wat uiteraard, insoverre dit betroubare getuienis blyk te wees, deur my in ag geneem gaan word, maar sal eiser slegs homself te blameer hê indien daar ander getuienis beskikbaar is wat in sy guns kon tel, maar welke nie aan my voorgehou is nie. Eiser blyk met verweerderes te getrou het toe hy 64 jaar oud is en is hy tans 68 jaar oud. Hy is 'n pensionaris. Toe verweerderes eiser ontmoet het voorafgaande hulle eerste huwelik, was hy 'n boer in Hoopstad distrik. Volgens verweerderes se getuienis was hy op daardie stadium 'n baie welgestelde boer met beeste, plase, ens. Sy is egter wel bewus daarvan dat nadat hulle die eerste keer geskei is, hy sy plase en sy beeste verkoop

het, maar dra sy geensins persoonlike kennis oor sy finansiële vermoëns nie. Toe hulle die tweede maal getroud is, het sy kennis geneem dat, aldus haar volgens dit wat eiser haar meegedeel het, eiser oor 'n meenthuis in Bloemfontein beskik het en tans steeds beskik, sowel as die bewoningsreg te Hibiscus. Sy is ook bewus daarvan dat hy drie of vier miljoen rand aan sy een seun geleen het waarmee 'n plaas, Hanging Stone, gekoop is. Volgens wat eiser haar op daardie stadium meegedeel het, het hy R12 000.00 per maand opbrengs uit 'n Investec belegging ontvang sowel as R5 000.00 of R6 000.00 vanuit annuïteite. Ten tyde van haar getuienis in hoof is sy deur mnr. Zietsman na sekere finansiële state van eiser verwys, maar kon sy nie uit eie kennis enige lig op die gedetailleerde inskrywings werp nie, aangesien sy nie persoonlik daarvan kennis dra nie.

58]Mnr. Jooste het getuig dat hy die boekhouer van eiser is en ook die boekhouer van die Genis Vroue Trust. Dit moet vermeld word dat op vrae van myself dit geblyk het dat mnr. Jooste 'n gekwalifiseerde laerskool onderwyser is. Hy het geen kwalifikasies as ouditeur of boekhouer nie, maar hy is

wel al dertig jaar by die tersaaklike firma betrokke met die opstel van finansiële state. Hy is deur mnr. Zietsman verwys na die feit dat in bewysstuk “C” daar twee stelle finansiële state ten opsigte van die eiser voorkom vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008, synde die finansiële state op bladsy 59 van die bundel en die finansiële state op bladsy 66 van die bundel, welke van mekaar verskil. Mnr. Jooste het getuig dat die een op bladsy 59 die korrekte een is, aangesien die een op bladsy 66 slegs ’n voorlopige staat was en hy nog nie gedetailleerde inligting met betrekking tot sekere inskrywings gehad het nie, wat tot gevolg gehad het dat inskrywings daarop gereflekteer is wat nie korrek was nie. So het dit geblyk dat daar onder andere kapitale uitbetalings vanuit die Investec belegging gemaak is, wat mnr. Jooste aanvanklik foutiewelik gemeen het rente uitbetalings was.

59]Wat mnr. Jooste se verdere getuienis met betrekking tot die finansiële state en balansstaat soos dit voorkom op bladsy 59 betref, is daar, om die minste te sê, aangeleenthede wat na my mening uiters vaag voorkom, en wat waarskynlik deur getuienis van die eiser self opgeklaar sou kon gewees

het indien hyself getuig het. Mnr. Jooste het egter wel verduidelik en verwys na die feit van 'n lening wat gemaak is deur die eiser aan sy een seun in die klaarblyklike bedrag van R1 450 000.00, waarvan 'n gedeelte daarvan synde R228 947-37 as slegte skuld afgeskryf moes word. Daar word dan ook vir die jaar trekkings aangedui in die bedrag van R370 108.19, maar volgens mnr. Jooste se getuienis is dit bloot 'n balanseringsyfer. Hy het egter terselfdertyd aangedui dat dit uit die bankstate verkry is en dat dit die verskil reflekteer tussen die bedrag geld wat eiser ingekry het en dit wat hy uitgekry het, met ander woorde "wat hy van gelewe het".

60]Mnr. Jooste het ook getuig dat hy die oggend van sy getuienisaflegging eiser se bankstate deurgegaan het ten einde vas te stel wat sy inkomste per maand is. Die inkomste wat hy as pensioen ontvang vanaf Sanlam en Old Mutual beloop steeds dieselfde bedrag as op voormelde finansiële state aangedui, synde R72 687.48 per jaar. Wat die Investec belegging betref het hy verduidelik dat dit oorgegaan het na 'n Allan Gray belegging, maar omdat die belegging besig was om te krimp, is dit onttrek en is dit by

RSA Beleggings belê, welke bedrag tans R900 000.00 beloop. Alles saam geneem, beloop sy maandelikse inkomste ongeveer R14 000.00. Ek aanvaar hierdie syfer vir doeleindes van die beregting van hierdie aangeleentheid as synde eiser se vaste en definitiewe maandelikse inkomste. Ek kom hierinlater terug na die belasting aspekte ten opsigte van hierdie inkomste.

61]Gegewe egter die vae getuienis van mnr. Jooste met betrekking tot sekere bates wat op die finansiële state aangedui word, en eiser se versuim om daaromtrent te kom getuig, laat in my gemoed werklik 'n vraagteken oor sy werklike finansiële posisie wat bates betref. Verweerderes se getuienis op p. 259 van die getikte oorkonde dat eiser soms vir sy skoonseun werk deur saam beeste aan te koop, hoewel sy nie weet of hy 'n inkomste daaruit verdien nie, en die feit dat dit nie deur eiser, soos talle ander aspekte, by wyse van getuienis opgeklaar is nie, dra nie by tot die opheldering van eiser se werklike finansiële posisie nie, veral ook gegewe die getuienis waarna ek vroeër verwys het wat betref eiser se jaarlikse trekkings vir 2008 in die bedrag van R370 108.19.

62]Daarteenoor blyk dit onteenseglik uit die getuienis dat verweerderes slegs oor haar motorvoertuig en huishoudelike meubels/toebehore beskik, laasgenoemde waarvan op hierdie stadium steeds in die Hibiscus wooneenheid is. Stellings in kruisverhoor deur mnr. Reinders aan haar met die strekking dat sy wel addisionele fondse in haar bankrekening beskikbaar het, sal hieronder mee gehandel word.

63]Met die voormelde feite en omstandighede in gedagte, kan ek nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat ten spyte daarvan dat eiser reeds 'n pensionaris is en ongeveer 10 jaar ouer as verweerderes is, eiser se finansiële vermoëns beter is as dié van verweerderes en eiser oor 'n beter en meer standvastige verdienvermoë as verweerderes beskik.

C5: Die partye se finansiële behoeftes en verpligtinge:

64]Verweerderes is tans by haar getroude suster, wie in 'n toringblok woonstelle woon, woonagtig, waar sy 'n kamer huur teen die bedrag van R2 500.00 per maand.

Addisioneel hiertoe maak sy ook 'n bydrae wat kos en elektrisiteit betref. Sy betaal ook die huishulp, aangesien sy voltyds werksaam is en dus die hulp van 'n huishulp benodig. Hierdie woonstel is in Westonarea, synde in die omgewing waar sy tans oor 'n tydelike onderwyspos beskik.

Toe sy in getuienis in hoof moes getuig rondom haar uiteengesette uitgawes soos dit voorkom in die nadere besonderhede in die pleitstukke, p. 47 tot 48, in die totale bedrag van R19 682.00, het sy verduidelik dat daardie uitgawes bereken is op die basis as sy haar eie blyplek sou bekom en haar redelike en noodsaaklike uitgawes wat sy waarskynlik dan voortaan sal hê. Hiertydens het sy emosioneel geraak en getuig "Ek kan nie vir die res van my lewe in 'n kamer bly by ander mense nie, ek swerf nou vir 'n jaar en 'n half rond en ek het gaan uitvind wat 'n woonstel my sal kos". Sy het ook getuig dat dit vir haar totaal onmoontlik is om by enige van haar kinders te gaan bly. Haar dogter is op 19 Januarie 2008 getroud en beskou sy dit as onmoontlik om by jonggetroude mense te gaan bly. Dit is dan ook die rede dat sy kort na haar dogter se troue na haar seun te Hoopstad is. Dit is egter vir haar ook 'n saak van

onmoontlikheid om daar te woon, aangesien haar seun op 'n plaas bly, welke nie net onveilig is nie, maar is die plaas nie sy eiendom nie en bewoon hy daar 'n huis wat deur sy werkgewers aan hom verskaf word. Daar is ook nog ander mense wat in die huis bly wat ook werknemers van die werkgewer is. Haar ander seun is in Londen woonagtig en kan sy gevolglik ook nie by hom gaan bly nie. Dit is na aanleiding hiervan dat sy 'n toekomstige uitgawe van R3 500.00 ten opsigte van huurgeld op p. 47 van die pleitstukke in die nadere besonderhede aangetoon het.

- [65] Sy het voorts getuig dat indien sy die eenheid te Hibiscus betrek, sal haar lewensonkoste baie minder wees. Daar sal dan nie huurgeld en baie van die ander uitgawes ter sprake wees nie. Dit is die rede waarom sy die bedrag van R6 800.00 onderhoud vorder in haar teeneis, met ander woorde dit is gebaseer op die basis dat sy die eenheid te Hibiscus kan gaan woon.

66]Mnr. Reinders het na aanleiding van sy kruisverhoor van verweerderes ten opsigte van haar getuienis wat betref haar redelike en noodsaaklike maandelikse uitgawes betoog dat

ek behoort te bevind dat verweerderes 'n onbetroubare getuie was. Hy het betoog dat sy verskillende weergawes aan die Hof voorgehou het met betrekking tot haar behoeftes in die verband. Ek het haar getuienis en haar kruisverhoor hieromtrent weer deeglik bestudeer en blyk die volgende na my mening:

66.1 Soos reeds in paragraaf 64 hierbo vermeld, het sy getuig dat die ongeveer R19 000.00 per maand uitgawes waarna sy in haar nadere besonderhede verwys het, slaan op dit wat haar uitgawes sal wees indien sy 'n blyplek van haar eie sal moet bekom. Mnr. Reinders het haar hieromtrent gekonfronteer en haar gevra wat sy sou sê gemiddeld haar lewenskoste op die oomblik per maand behels. Sy het getuig dat dit sekerlik nie minder as R10 000.00 tot R12 000.00 per maand sal wees nie. Hoewel sy toe aanvanklik getuig het dat sy nie 'n sommetjie hieromtrent gemaak het nie, het sy egter daarna wel getuig dat sy wel 'n berekening gemaak het van wat haar uitgawes redelikerwys is waar sy tans woon. Verweerderes is toe gekonfronteer met aanhangsel

“A” aangeheg tot eiser se opponerende verklaring in die Reël 43(6) aansoek wat ’n berekening reflekteer vanaf Februarie 2008 tot en met Januarie 2009 wat betref die maandelikse inbetalings en die maandelikse onttrekkings wat via verweerderes se bankrekening gedoen is. Daarvolgens was die gemiddelde inbetaling per maand R10 829.85 en die gemiddelde onttrekking per maand R8 788.86. Na aanleiding daarvan het mnr. Reinders haar konfronteer tot dien effekte dat haar getuienis oor R19 000.00 se maandelikse uitgawes bloot ’n raaiskoot is. Sy het egter na my mening ’n baie goed gefundeerde en behoorlike verduideliking vir die verskil in die syfers aangevoer. Sy het daarop gewys dat sy sedert Oktober 2008 by haar suster in die kamer woonagtig is, waarna ek reeds hierbo gewys het. Indien daar op voormelde aanhangsel “A” gelet word, blyk dit dat vir die maande Oktober 2008 tot Desember 2008 haar onttrekkings gemiddeld ongeveer R10 500.00 per maand beloop het. Vir Januarie 2009, het dit ongeveer R12 800.00 beloop. Nie net is dit dus in ooreenstemming met haar getuienis ietwat vroeër dat

haar gemiddelde uitgawes huidiglik ongeveer R10 000.00 tot R12 000.00 per maand beloop nie, maar het sy ook verduidelik dat haar huidige uitgawes uiteraard minder is as wanneer sy haar eie woonstel sou huur en ten volle alle redelike en noodsaaklike daaglikse uitgawes sal moet betaal. In die verband het sy pertinent getuig oor sekere uitgawes wat sy sal hê wanneer sy haar eie woning en huishouding bekom, wat sy op hierdie stadium, terwyl sy by haar suster woonagtig is, nie het nie. Mnr. Reinders se poging om derhalwe die betroubaarheid van haar getuienis of haar geloofwaardigheid by wyse hiervan af te kraak, was na my mening nie suksesvol nie. Inteendeel, toe sy deur mnr. Reinders verder gekonfronteer is met betrekking tot die verskil tussen haar voorsiene uitgawes uiteengesit in die nadere besonderhede teenoor haar huidige uitgawes, en sy item vir item vir hom moes aandui hoe die twee van mekaar verskil, het ek ten tyde van haar getuienis 'n berekening daarvan gemaak en op rekord geplaas dat dit neerkom daarop dat haar huidige uitgawes ongeveer R13 150.00 per maand beloop. Dit bevestig

na my mening juis haar geloofwaardigheid en die betroubaarheid van haar getuienis, inaggenome dat voormelde aanhangsel “A” aangedui het dat teen Januarie 2009 haar maandelikse uitgawes R12 816.77 beloop het. Dit moet in gedagte gehou word dat op die stadium wat sy getuienis aangebied het, dit reeds Junie 2009 was wat 'n ietwat verhoging in haar lewenskoste aan die een kant verduidelik, maar wat in ieder geval binne 'n aanvaarbare fluktuering van die R12 816.77 van Januarie 2009 val.

66.2 Mnr. Reinders het verweerderes voorts gekonfronteer met die totaal van haar uitgawes wat destyds in die Reël 43 aansoek onder aansoeknommer 773/2008 uiteengesit is en wat die bedrag van R9 628.00 beloop het. Ten eerste moet ek op my eie waarneming vermeld dat daardie beëdigde verklaring gedurende Februarie 2008 opgestel is, terwyl haar getuienis, soos reeds vermeld, gedurende Junie 2009 afgelê is, weereens met 'n natuurlike gepaardgaande vermeerdering van koste. Verdermeer het sy verduidelik dat daardie berekening gedoen is op 'n

stadium toe sy nog by haar dogter woonagtig was en voorsien het dat sy te Bloemfontein sou gaan woon. Die uitgawes waarvan die somtotaal ongeveer R19 000.00 beloop, is haar beraamde uitgawes indien sy in die Westonarea omgewing sou tuisgaan, waarvan die algemene lewenskoste baie hoër is as in Bloemfontein. Ook hierdie verduideliking van verweerderes is na my mening 'n redelike verduideliking.

[67] Daar is gevolglik na my mening geen basis waarop geargumenteer kan word dat verweerderes se getuienis met betrekking tot haar finansiële behoeftes en verpligtinge nie betroubaar is nie.

[68] Verweerderes het gevolglik getuig dat sy dit glad nie sal kan bekostig om haarself uit eie fondse te onderhoud nie, veral omdat sy nie verseker is van 'n werk nie.

[69] Wat betref eiser se uitgawes, bestaan daar weereens die leemte dat eiser besluit het om nie persoonlik daaromtrent te getuig nie. Hierdie getuienis is op 'n ietwat ongehoorde

wyse aan die Hof voorgelê deurdat 'n opsomming van beweerde inkomste en uitgawes van eiser opgestel is en aan verweerderes voorgelê is vir haar kommentaar, waarna dit as bewysstuk ingehandig is, synde bewysstuk "E". Uit hierdie dokument blyk eiser se beweerde totale maandelikse uitgawes die bedrag van R11 825.87 te beloop. Uit die kommentaar wat verweerderes wel gelewer het, het dit geblyk dat die hospitaalplan voorsiening maak vir beide eiser en verweerderes en dat dit dus 'n mindere bedrag sal beloop indien verweerderes nie meer as 'n begunstigde in terme daarvan geregistreer sou wees nie. Voorts het sy daarop gewys dat sy nie seker is van die maandelikse fooi ten opsigte van Hibiscus ten bedrae van R2 175.00 nie, maar dat dit in ieder geval reeds ten minste een ete per dag insluit, wat mnr. Reinders in reaksie bevestig het. Sy het ook die brandstofuitgawe ten bedrae van R700.00 bevraagteken, deurdat eiser van die bus kan gebruik maak wat by Hibiscus beskikbaar is en wat by die maandelikse fooi ingesluit is. Verder het sy ook vermeld dat hy nie koerante en tydskrifte lees nie en dat die bedrag van R150.00 ten opsigte daarvan onnodig is. Origiens het sy in kruisverhoor bevestig dat die uitgawes wat daarop

aangedui word, in haar opinie, redelik is. Gedurende herverhoor het sy gesê dat sy haar nie werklik kan uitlaat oor die redelikheid van die kruidenierware ten bedrae van R1 600.00 nie, gegewe dat daar reeds 'n middagete ingesluit is by die maandelikse heffing. Sy het ook laat blyk dat elektrisiteit ingesluit is by die maandelikse heffing. Wat betref die Multichoice fooi van R513.00, het sy getuig dat die DSTV te Hibiscus aan haar behoort.

- [70] Terwyl ek met bewysstuk "C" handel, meen ek dat hier ook 'n ander aspek daaromtrent aangespreek moet word, synde die voorsiening vir belasting wat daarop gemaak en afgetrek word. Hierdie aftrekking is nie deur verweerderes in haar getuienis erken nie en kón sy dit ook nie erken nie, aangesien sy oor geen kennis daarvan sal beskik nie. Verder is daar nie 'n tittel of jota getuienis daaromtrent aangebied of in kruisverhoor by wyse van 'n erkenning deur enige getuie verkry nie. Inteendeel, toe mnr. Jooste getuig het rondom die ongeveer R14 000.00 maandelikse inkomste van eiser, het hy geen melding gemaak van 'n belasting aftrekking nie. Die balansstaat van eiser vir die jaar 2008, soos dit voorkom op p. 59 van bewysstuk "C",

maak ook geen voorsiening vir die betaling van belasting nie. Gevolglik is daar na my mening geen basis waarop ek hierdie voorsiening vir belasting kan aanvaar as 'n bewese en verpligte aftrekking van eiser nie. Dit het tot gevolg dat ek hierdie aangeleentheid bereg op die basis dat eiser maandeliks R14 000.00 beskikbaar het om sy bewese of aanvaarde uitgawes te betaal.

- [71] Dit moet ook aangespreek word dat mnr. Reinders vir verweerderes in kruisverhoor gekonfronteer het vanweë die feit dat sy in die Reël 43 aansoek 'n bydrae tot regskoste gevorder het terwyl sy, aldus haar bankstaat soos dit voorkom op p. 42 van bewysstuk "B", teen 12 Februarie 2008, synde min of meer die datum wat die Reël 43 aansoek opgestel en geliasseer is, ongeveer R10 000.00 in haar bankrekening beskikbaar gehad het, wat nie aan die Hof openbaar wass nie. Sy is op soortgelyke wyse gekonfronteer op die basis dat sy waarskynlik ook fondse in haar bankrekening beskikbaar gehad het op die stadium wat die Reël 43(6) aansoek vir 'n verdere bydrae tot regskoste gebring is. Hoewel sy dit erken het, het sy getuig dat sy op geen stadium probeer het om die Hof daardeur te

mislei nie. Sy het verduidelik dat sy R36 000.00 by haar kinders geleen het ten einde mediese koste te betaal, ten opsigte waarvan die ooreenkoms was dat sy dit so gou as moontlik sal terugbetaal. Sy het wel al R14 000.00 ten opsigte daarvan terugbetaal, maar skuld nog R22 000.00. Sy was gevolglik van mening dat die geld wat in haar bankrekening beskikbaar is, eerstens aangewend moes word om die skuld aan haar kinders terug te betaal as om aangewend te word vir regs-koste. Verder het sy ten tyde van die Reël 43 aansoek ook nog nie oor die aflos onderwysbetrekking beskik nie en was sy van mening dat die geld wat sy wel nog op daardie stadium tot haar beskikking gehad het, indien sy dit nie onmiddellik aan haar kinders sou terugbetaal nie, sy sou gebruik ten einde haarself intussen te probeer onderhou.

Ek meen gevolglik dat ook ten opsigte hiervan daar nie enige nadelige afleiding jeens die geloofwaardigheid van verweerderes of die betroubaarheid van haar getuienis gemaak kan word nie. Gegewe haar verduideliking, kan ek nie bevind dat sy opsetlik of enigsins gepoog het om die Hof te mislei nie.

C6: Die ouderdom van die partye:

[72] Die onderskeie ouderdomme van die partye is reeds volledig mee gehandel in die besprekings hierbo uiteengesit en is dit ineengevleg met al die ander faktore ter sprake by die oorweging van die onderhouds aspek. Ek volstaan dus met die inagneming daarvan op die wyse soos blyk uit die totaliteit van die faktore wat deur my oorweeg word.

C7: Die duur van die huwelik:

[73] Dit is tereg deur mnr. Reinders uitgewys dat die huidige huwelik van die partye nie uitermatig lank was nie, synde vanaf 24 Maart 2005 tot op datum, nadat die partye op 1 Januarie 2008 uitmekaar is. Hierdie aspek moet egter na my mening insgelyks nie in isolasie beoordeel word nie, maar, soos deur mnr. Zietsman betoog, eerder gesien word teen die agtergrond dat dit die partye se tweede huwelik met mekaar is, die grondslag waarop die huwelik gesluit is en die finansiële en ander gevolge wat die huweliksluiting vir die partye tot gevolg gehad het. Hierdie aspekte is reeds hierin aangespreek en/of word hieronder mee gehandel en neem ek dus die duur van die huwelik in

ag in samehang met hierdie ander faktore.

C8: Die partye se gedrag insoverre dit op die verbrokkeling van die huwelik betrekking het:

74]Dit is geyk dat die huidige sisteem van egskeiding op 'n "no-fault" basis berus. Desnieteenstaande is dit egter welbekend dat die wangedrag van 'n party in oorweging geneem kan word by die oorweging van 'n bevel in terme van Artikel 7(3) van die wet. Wat Artikel 7(2) van die wet betref, is dit, soos uit die reeds aangehaalde artikel blyk, spesifiek een van die faktore wat deur die wetgewing gelys word wat in oorweging geneem kan word by oorweging van wat die Hof billik ag met betrekking tot die vraagstuk of onderhoud betaalbaar is, aldan nie, en die aard en omvang daarvan. Die benadering wat egter hieromtrent gevolg moet word, is as volg in BUTTNER v BUTTNER 2006(3) SA 23 (SCA) op 37 A tot G uiteengesit:

"However, in the words of Botha JA in the Beaumont case, the Court should adopt 'a conservative approach in assessing a party's misconduct as a relevant factor'.

'In our legislation, as I have pointed out, the feature

of overriding importance is that the Court will grant such order, in respect of both ss (2) and (3), as it considers to be just. In many, probably most, cases, both parties will be to blame, in the sense of having contributed to the breakdown of the marriage...In such cases, where there is no conspicuous disparity between the conduct of the one party and that of the other, our Courts will not indulge in an exercise to apportion the fault of the parties, and thus nullify the advantages of the “no-fault” system of divorce.’

In the same case Botha JA also held that the directive in s 25(2)(g) of the English statute dealing with this subject, to the effect that the Courts are to consider ‘the conduct of each of the parties, if that conduct is such that it would in the opinion of the Court be inequitable to disregard it’, was in accordance with the pattern of our legislation.

In the English Court of Appeal case of *Kyte v Kyte*, Purchas LJ stated the following in relation to s 25(2)(g) of the English Statute:

‘The Court is entitled, in my judgment, to look at the whole of the picture, including the conduct of the parties ... which may or may not have contributed to the breakdown of the marriage or which in some other

way makes it inequitable to ignore the conduct of each of the parties. A clear example of such a case is where the parties may each not have been blameless (almost inevitably in a normal marriage) but where the imbalance of conduct one way or the other would make it inequitable to ignore the comparative conduct of the parties.'

I agree with this approach. ... In essence, the misconduct of one or both of the parties must only be allowed to influence the outcome of the case where to disregard it would unjust."

75]Wat die verbrokkelingsgronde betref, het verweerderes die volgende redes vir die verbrokkeling van die partye se huwelik in paragraaf 3 van haar teeneis uiteengesit:

"3.1 Die eiser lok voortdurend rusies uit oor onbenullighede;

3.2 Die eiser maak verkleinerende aanmerkings ten aansien van die verweerderes en verneder haar voor derdes;

3.3 Die eiser vloek en skel op verweerderes;

3.4 Die eiser het verweerderes feitlik gevange gehou in die gemeenskaplike woning en haar nie toegelaat om te sosialiseer met vriende of mede-inwoners van die oord

waar die partye woonagtig was nie;

- 3.5 Die eiser het 'n buite-egtelike verhouding met Madeleine Henning en weier om daarvan af te sien;
- 3.6 Die eiser versuim om die verweerderes behoorlik te versorg en in haar noodsaaklike behoeftes te voldoen, terwyl hy onder andere vir operasies betaal wat deur gemelde Henning ondergaan is;
- 3.7 Die eiser het die verweerderes verbied om na die partye se gemeenskaplike huishouding terug te keer nadat die partye daarvan weg was met vakansie;
- 3.8 Die eiser het die verweerderes by verskeie geleenthede uit die gemeenskaplike huishouding gejaag;
- 3.9 Die eiser het die verweerderes by meerdere geleenthede aangerand.”

In eiser se verweerskrif tot die teeneis het eiser al die verbrokkelingsgronde soos deur verweerderes gepleit, ontken, en voorts gepleit dat die huwelik onherstelbaar verbrokkel het vanweë die redes soos uiteengesit in die besonderhede van vordering. Hoewel daar reeds op die hoofeis absolusie van die instansie toegestaan is, is ek steeds genoodsaak om op die verbrokkelingsgronde te let soos gepleit in die besonderhede van vordering, aangesien dit op hierdie wyse by die pleit tot die teeneis geïnkorporeer

is. Hierdie gronde is as volg in paragraaf 6 van eiser se besonderhede van vordering gepleit:

- “6.1 Die verweerderes toelaat dat haar kinders voortdurend inmeng in die huwelik;
- 6.2 Daar voortdurende rusies en argumente tussen die partye bestaan;
- 6.3 Daar geen sinvolle kommunikasie tussen die partye bestaan nie;
- 6.4 Die verweerderes die gesamentlike huishouding verlaat het en die eiser meegedeel het dat sy nie belangstel in die voortsetting van die huweliksverhouding nie.”

76]Mnr. Zietsman het betoog dat gegewe verweerderes se getuienis en inaggenome dat daar nie getuienis tot die teendeel is nie, ek behoort te bevind dat eiser hom aan growwe wangedrag skuldig gemaak het met betrekking tot die redes vir die verbrekking van die huwelik. Hy het betoog dat dit duidelik is dat verweerderes telkemale aangerand is, dat sy emosioneel afgekraak is, dat sy op walglike wyse van tyd tot tyd sleggesê is en dat sy ingekort was in haar lewensbestaan, deurdat sy nêrens heen mag gegaan het nie. Hy het versoek dat ek behoort te bevind

dat dit die grondslag is waarom en waarop die huwelik onherstelbaar verbrokkel het.

Hierteenoor het mnr. Reinders betoog dat ten opsigte van die redes vir die verbokkeling, verweerderes 'n onbetroubare getuie was, deurdat sy telkemale in haar getuienis die situasie probeer aandik en vererger het, sonder om die ware feite weer te gee. Aldus sy betoog het verweerderes egter by meerdere geleenthede toegegee dat haar gedrag ook nie aanvaarbaar was nie. Hy het aan die hand gedoen dat verweerderes aanvanklik gepoog het om 'n baie slegter prentjie te probeer skets met betrekking tot die redes vir die verbokkeling as wat werklik die geval was. Hy het veral klem gelê op die feit dat sy tydens kruisverhoor toegegee het dat hulle beide maar eintlik foute gehad het.

Hierdie verskillende betoë noodsaak my om die getuienis van naderby te oorweeg.

77]By die aanvang van verweerderes se getuienis toe sy gevra is wat die probleme was wat in die huwelik ontstaan het, het

haar “inleidende” antwoord as volg gelui soos dit voorkom op p. 123 van die getikte oorkonde:

“Die probleme het ontstaan weens die feit dat mnr. Genis my ingeperk het en uiters swak behandel het. Hy het my aangerand, hy het my emosioneel afgetakel, hy het my sleg gesê. As ek klavier gespeel het, dan het hy vir my gesê ek show af. Ek is belet om enigiets te doen en het hy my fisies aangerand, nie eers te praat van emosioneel en sy slegsê nie.”

Sy het verduidelik dat die aanrandings en sy voormelde gedrag jeens haar begin het nadat hulle te Hibiscus begin bly het, dit wil sê teen begin 2006. Hy het toe begin met sy aanrandings en hy het ook geweldig gedrink. Volgens haar het hy haar aangerand deur haar met die vuus te slaan, hoewel dit aanvanklik nie in haar gesig was nie. Wanneer hy haar sodanig aangerand het, het sy maar net stilgebly en haar onttrek, aangesien dit vir haar sleg gewees het om daaroor te praat. Hy het haar dan telkens weer genader en gesê hy is jammer en dat hy dit nie weer sou doen nie, waarop sy hom maar weer vergewe het en aangegaan het, maar het dit telkens weer gebeur.

Ten tyde van kruisverhoor het sy bevestig dat hierdie aanrandings gereeld plaasgevind het, op 'n weeklikse basis. Daar is toe aan haar gestel dat eiser sê hy het nooit verweerderes met die vuus geslaan nie. Hierdie stelling het tot gevolg gehad dat verweerderes emosioneel geraak het, waarop ons haar die geleentheid gegee het om haar tranes eers weer te bedwang. Daar is toe verder aan haar gestel dat daar nooit foto's daarvan was dat sy aangerand is nie en dat daar ook geen mediese getuienis tot daardie effek is nie. Verweerderes se antwoord hierop was dat hoewel daar geen mediese getuienis is nie, haar suster vir haar 'n selfoon gegee het wat foto's kon neem en waarmee sy foto's geneem en opnames gemaak het van die aanranding- en slegsê voorvalle. Eiser het dit egter alles uitgegee. Hierdie bewerings is weereens net in 'n stelling namens eiser ontken, waarop verweerderes weer bevestig het dat eiser dit wel gedoen het. Steeds is geen getuienis tot die teendeel aangebied nie.

- [78] Sy het getuig dat toe hulle na Hibiscus verhuis het, sy haar motor aan haar dogter gegee het op aandrang van eiser,

aangesien eiser se redenasie was dat daar nie 'n motorhuis vir die motor beskikbaar was nie. Daar was egter motorhuise wat 'n persoon kon huur. Sy was gevolglik afhanklik van sy voertuig. Sy was egter nooit toegelaat om sy voertuig te bestuur nie. Hy het haar nie toegelaat om na enige plekke toe te gaan nie. Sy was ingeperk. Sy kon nie eers op haar eie haarsalon afsprake bywoon nie. Eiser sou haar daar gaan aflaai, in die motor voor die deur vir haar sit en wag, haar weer oplaai en dan huis toe neem. Hy het die kruideniersware gaan koop. Sy kon nêrens heen ry nie – sy moes alles saam met hom doen en hy het haar gaan aflaai orals waar sy moes wees. Die bewering in die pleitstukke dat sy nie die voertuig kon bestuur nie omdat sy uiters swak sig gehad het, het sy ontken. In die verband het sy getuig dat sy wel goed genoeg was om eiser te versorg en die voertuig te bestuur ten tyde van hulle huwelik nadat eiser by twee geleenthede 'n heupvervangingsoperasie gehad het, waartydens sy hom ten volle versorg het, wat ingesluit het om die motor te bestuur op stadions na die operasie wat eiser weer per motor vervoer mag geword het.

Toe daar aan haar gestel is in kruisverhoor dat dit baie gaaf

van die eiser was om haar so te gaan op- en aflaai, het sy getuig dat dit glad nie oor gaafheid of goedheid gegaan het nie. Dit het bloot daaroor gegaan dat eiser haar nie toegelaat het om op haar eie met die voertuig êrens heen te ry of enigsins met die voertuig te ry nie.

Sy het wel erken dat eiser haar by geleentheid toegelaat het om drie weke Londen toe te gaan nadat haar kleinkind gebore is. Sy het egter ontken dat dit drie maande was soos dit aan haar gestel was en het ook ontken dat eiser haar finansieel daartoe gehelp het.

79] Verweerderes het ook verduidelik dat eiser gedurig argumente uitgelok het en haar sleggesê het en wanneer sy dan sou terugtrek in haar self deur stil te bly, het hy haar aangeval. Hoewel sy nie mediese behandeling daarvoor ontvang het nie, was daar dikwels blou kolle gewees en wanneer sy dit aan hom getoon het, was sy reaksie “jy bring dit oor jouself”.

80] Ten tyde van kruisverhoor is daar aan verweerderes gestel dat daar ’n bus is wat twee keer ’n dag heen en weer tussen

Hibiscus en 'n nabygeleë inkopiesentrum en ander plekke ry, welke diens die inwoners kan gebruik, wat verweerderes bevestig het. Mnr. Reinders het toe aan haar gestel dat sy ook van tyd tot tyd van hierdie diens gebruik gemaak het, wat verweerderes ontken het. Sy het getuig dat eiser haar nooit toegelaat het om dit te doen nie. Sy het toe bygevoeg dat hy haar nie eers toegelaat het om na die swembad in die kompleks te loop nie.

In dieselfde asem is daar ook aan haar gestel dat volgens eiser se instruksies eiser en verweerderes pluimbal gespeel het. Verweerderes het dit bevestig, maar het voorts getuig dat sy dit nooit sonder hom mag gedoen het nie. Indien hy byvoorbeeld sou gaan rus of iets anders doen, mag sy nie voor die tyd geloop het nie – sy moes wag totdat hy gereed is om saam te gaan.

81]Met betrekking tot haar getuienis wat betref haar klavierspel, het dit uit kruisverhoor geblyk dat die klavier in 'n gemeenskaplike sitkamer was van die gang van die kompleks waar hulle woonagtig was. Sy het verduidelik dat sy baie lief is vir klavier speel en wanneer sy wel klavier gespeel het, het die mense aangekom en kom luister en

saam gesing. Eiser het egter nie daarvan gehou nie en haar beskuldig dat sy “af show”. Dit is toe aan haar gestel dat hoekom eiser nie daarvan gehou het nie, is omdat verweerderes wou gehad het hy moes kom sit en luister, terwyl hy nie van klaviermusiek gehou het nie. Verweerderes het duidelik hierdie stelling as verregaande beskou en geantwoord “ag asseblief”. Toe die stelling aan haar herhaal is en ek haar gevra het om daarop te antwoord, het sy duidelik geantwoord dat die klaviermusiek as sulks nie eiser se probleem was nie, maar wel die feit dat sý die klavier bespeel het.

82]Op `n stelling in kruisverhoor dat verweerderes `n paar keer saam met `n vriendin Marga na Shelley Beach is om inkopies te doen en hulle hare te laat doen, het verweerderes dit ten sterkste ontken. Sy het getuig dat Marga `n ouer dame is wat katarak verwyderings gehad het en het verweerderes haar met haar (Marga se) motor dokter toe en terug geneem het. Toe sy haar die tweede keer geneem het vir die ander oog se operasie, het eiser haar `n “straat leêr” genoem.

83]Op 'n verdere stelling in kruisverhoor rondom die sleutel van die eenheid, het verweerderes ontken dat sy toegang tot 'n sleutel vir die eenheid gehad het. Sy het getuig dat die enigste sleutel een was wat eiser aan sy motorsleutels gehad het. Sy het hom vir 'n sleutel gevra, maar hy het geweier om een aan haar te verskaf. Wanneer hy haar aangerand het, het hy die deur gesluit en was die enigste sleutel steeds aan sy motorsleutel. Volgens haar getuienis “(was) sy grootste vrees dat ek in die motor gaan klim en wegry”.

84]Een van die ernstigste insidente ten tyde van die bestaan van die huwelik waaroor verweerderes getuig het, het plaasgevind gedurende Maart 2006 ten tyde van verweerderes se nefie se troue te Brits. Hulle was almal saam by 'n vakansieoord waar die troue sou plaasvind, die aand voor die troue. Hulle het as familie en vriende buite die rondawels gesit en vleis gebraai. 'n Vorige vriend van verweerderes, wie as seremoniemeester op die troue sou optree, het opgedaag. Sy het hom gegroet. Daarop het eiser opgestaan en na hulle rondawel wat naby die braaivleisvuur was geloop en verweerderes daarheen geroep. Toe sy daar aankom, het hy vir haar gesê “O, dit is

die rede waarom jy jou haartjies gedoen het en jou naeltjies” en daarop het ’n argument gevolg. Hy het toe begin om haar fisies aan te rand deur haar met vuiste te slaan. Sy het om hulp geskree, “want hy druk mens vas in ’n hoek en dan het jy nie uitkomekans nie”. Haar suster het ingestorm en haar gehelp en ’n ander getuie, mnr. Johan Hattingh, het ook daarop afgekom. Verweerderes se suster het haar toe na haar (die suster se) rondawel geneem. Daar het verweerderes se suster ’n foto van verweerderes geneem, ongeveer twintig minute nadat sy aangerand is, wat reflekteer hoe die klere van verweerderes se lyf afgeruk en geskeur is. Hierdie foto is ingehandig as bewysstuk “D”. Dit kan vermeld word dat by beskouing van bewysstuk “D”, blyk die datum elektronies op die foto gereflekteer te wees as 10 Maart 2006 en die tyd 18h34. Die verweerderes word gereflekteer in ’n blou rok met bandjies oor haar skouers, waarvan die een bandjie afgeruk is en dit blyk verweerderes se onderklere ten toon te stel. Hoewel daar nie enige merke of bloukolle aan verweerderes sigbaar is op die foto nie, het sy getuig op p.251 van die oorkonde dat daar wel later merke en bloukolle sigbaar geword het, welke eiser van weet en gesien het nadat sy saam met hom terug is na Margate.

Die gaste wat buitekant gesit het, het almal die petalje aanskou. Mnr. Dirk Steyn, synde verweerderes se suster se man, het eiser gevra om die perseel te verlaat. Eiser is toe terug Margate toe. Verweerderes het by haar ma-hulle agtergebly, wie ook op die troue was, en is sy saam met hulle van daar af terug Odendaalsrus toe.

Na ongeveer 'n week het eiser verweerderes geskakel en gesê hy is jammer en dat hy besig is om sy lewe reg te kry en dat hy haar graag wil terughê. Sy het hom geantwoord dat sy op sekere voorwaardes sou teruggaan, synde dat hy moes ophou drink, haar meer vryheid toelaat en dat hy die geld wat hy by haar geleen het voortspruitend uit die verkoop van haar huis, terugbetaal of meer konkrete bewyse van die transaksie aan haar verskaf. Hy het toe die betrokke Vrydag in Odendaalsrus aangekom en die Saterdag het hulle na 'n makelaar gegaan, op welke stadium die verskuldigde geld in die vorm van aandele aan haar teruggegee is. Daar is aan haar gevra hoekom haar ouers toegelaat het dat sy teruggaan Margate toe onder die omstandighede. Verweerderes het aanvanklik nie daarop

geantwoord nie, maar toe verduidelik dat hulle oud is, synde 80 en 86 jaar, onderskeidelik.

Sy is toe saam met eiser terug Margate toe. Daar het sy onder andere gevind dat eiser intussen haar aktetas wat te Hibiscus was, oopgemaak het en die tjek en dokument wat as haar bewys gedien het dat sy die geld aan eiser voorgeskiet het, opgeskeur het. Dit is egter nou gemeensaak dat die geld wel by wyse van aandele terugbetaal is.

Sy het getuig dat dit toe in een opsig beter gegaan het met die huwelik, deurdat eiser nie meer gedrink het nie. Eiser het haar egter nog steeds aangerand en haar verbaal vreeslik sleggesê.

85]Met betrekking tot voormelde voorval, is daar aan verweerderes gestel dat eiser die indruk gekry het dat sy al haar moeite met betrekking tot die troue en haar voorkoms gedoen het ter wille van hierdie vorige vriend van haar. Sy het bevestig dat eiser beslis onder daardie indruk verkeer het, maar dat dit nie die geval was nie. Daar is toe voorts

aan haar gestel dat eiser se weergawe is dat toe hy dit vir haar gesê het, sy hom wat eiser is gevloek het en verweerderes toe omgedraai het om te loop, waarop eiser haar aan die skouer gegryp het en dat dit toe is wat haar klere geskeur het. Sy het hierdie stelling ten sterkste ontken en getuig dat dit nie die waarheid is nie. Sy het ook ten sterkste ontken dat sy hom gevloek het.

86]Die volgende ernstige voorval en wat ook aanleiding gegee het tot die opbreek van die partye, het plaasgevind einde Desember 2007/1 Januarie 2008. Die partye was oppad tussen Odendaalsrus en Hoopstad nadat eiser na 'n homeopaat toe was vir 'n inspuiting in sy rug. Op daardie stadium het hulle by verweerders se seun op 'n plaas in Hoopstad gekuier, aangesien hy vroeër in Desember 2007 teruggekom het van twee jaar wat hy in Amerika was en het hulle hom gehelp trek en hom help vestig in die huis van sy werkgewer waar hy toe woonagtig sou wees. Terwyl hulle oppad was, het haar seun se werkgewer se vrou, Elisma van Deventer, geskakel en gevra dat hulle asseblief brood en 'n bossie wortels moes saambring, aangesien hulle in ieder geval in die dorp was. Verweerderes het daarop vir

eiser gevra dat hulle dit gou moes gaan koop, waarop sy reaksie was dat hy nie geld het nie en dat hy nie goed koop as hy by sý kinders is nie. Sy het daarop gereageer deur vir hom te sê hy het geld om vir “die hoer” Madeleine Henning te gee, maar hy het nie geld om brood en melk te koop nie. Eiser het haar daarop geklap. Hy het haar toe in die uiterste kru taal ’n belediging toegesnou (die woorde is op ongemaklike wyse deur verweerderes in die hof herhaal, maar meen ek nie dit is nodig om die presiese woorde hierin te herhaal nie). In reaksie hierop het verweerderes vir eiser gesê dat dit die laaste keer was wat hy haar sou slegsê. Sy het daarop haar dogter te Bloemfontein geskakel en versoek dat sy haar moes kom haal op die plaas. Verweerderes se dogter het toe verweerderes se seun, wie op daardie stadium in Bloemhof was, geskakel. Verweerderes se seun het verweerderes geskakel en versoek dat sy haar selfoon op luidspreker moes sit, wat sy gedoen het. Haar seun het toe met eiser gepraat en gevra wat aangaan. Daar was ’n woordewisseling tussen eiser en verweerderes se seun, waarop verweerderes se seun vir eiser gesê het “Oom Jan, jy moet jou goed van daardie plaas gaan vat en gaan, dit is nie tien jaar terug wat jy ons van die plaas af

weggejaag het nie, jy moet jou goed vat en gaan, jy is nie langer welkom in ons huis nie.”

Toe hulle by die huis kom, was dit net sy en eiser en het eiser by die kas gaan staan en die deur van verweerderes se kas oopgemaak. Sy het vir eiser gevra wat hy in haar kas maak. Hy het daarop vir verweerderes 'n stamp gegee en geklap dat sy oor die bed getrek het. Eiser is toe daar weg. Dit was 1 Januarie 2008. Die volgende wat sy omtrent eiser gehoor het, is toe die Balju haar geskakel het en versoek het dat die dagvaarding deur haar in ontvangs geneem moes word op 22 Januarie 2008. Vanaf haar seun is sy na haar dogter, wie op 19 Januarie 2008 getroud is, ten einde haar by te staan met haar troue.

Met betrekking tot Madeleine Henning, het verweerderes verduidelik dat eiser haar van Madeleine vertel het, aangesien dit 'n verhouding was wat hy begin het na of tydens die huwelik met sy vorige vrou. Toe eiser na verweerderes in Hoopstad gegaan het wat aanleiding gegee het tot hulle huidige huwelik, het sy spesifiek van eiser gevra wat van Madeleine, waarop eiser haar

meegedeel het dat hy niks weet van haar nie en dat hy heeltemal kontak met haar verbreek het. Dit was egter nie die geval nie, omdat hulle wel steeds mekaar gekontak het. Die laaste keer wat verweerderes van weet wat kontak plaasgevind het, was op 29 Desember 2007 toe hulle op die plaas was. Eiser het geslaap en verweerderes het die telefoon geantwoord. Madeleine het verweerderes gevra om aan eiser te sê dit is Kersfees, sy het nie geld nie, die geld wat hy vir haar gegee het, is op en dat sy nog geld verlang. Verweerderes het eiser toe hiermee gekonfronteer, waarop eiser erken het dat hy vir haar van tyd tot tyd geld voorsien. Hy het ook erken dat hy vir 'n operasie of hospitalisasie van Madeleine betaal het. Eiser het ook aan haar gesê en erken dat Madeleine 'n prostituut was wat in 'n bordeel werksaam was, waar hy haar uitgehaal het en haar met 'n woonstel voorsien en vir haar gesorg het. Verweerderes het verduidelik dat dít is waarom sy op 1 Januarie 2008 na Madeleine as “die hoer” verwys het.

87]Ten tyde van kruisverhoor het mnr. Reinders verweerderes gevra of sy nie ook ten tyde van die huwelik vir eiser uitgelok het tot rusies nie. Haar antwoord hierop was

ontkennend. Daar is toe aan haar gevra of bogemelde voorval toe verweerderes aan eiser sou gesê het dat hy sê hy het nie geld nie, maar hy het geld om vir 'n hoer te gee, nie vir eiser uitgelok het om kwaad te word nie en of sy dink dat dit reg was van haar. Haar getuienis hieromtrent was dat sy van mening is dat dit reg was van haar, aangesien haar beskuldiging geregverdigd was, veral gesien in die lig daarvan dat slegs enkele dae tevore Madeleine juis gebel het om eiser weer vir geld te vra.

In latere kruisverhoor toe daar weer teruggekeer is na die voorval, is daar aan verweerderes gevra of sy nie daartydens op 'n stadium eiser se selfoon by die voertuig uitgegooi het terwyl hulle gestry het nie. Verweerderes het dit pertinent ontken. Daar is toe voorts aan haar gestel dat dit eiser se instruksies is dat Madeleine 'n dame was met wie hy betrokke was nadat die partye die eerste keer geskei is en voordat die partye weer bymekaar gekom het en dat sy kanker gehad het, ten opsigte waarvan hy op 'n stadium vir haar geld daarvoor gegee. Hierop het verweerderes geantwoord dat sy nie daarvan weet dat Madeleine kanker gehad het nie; sy weet net dat eiser erken het dat hy haar

mediese onkoste betaal het, soos sy ook reeds vroeër getuig het. Daar is toe verder aan haar gestel dat in die tydperk wat die partye getroud was tot en met daardie voorval, eiser niks met Madeleine te doen gehad het nie. Dit was vir hom dus ontstellend dat verweerderes hom nou weer beskuldig het met betrekking tot Madeleine en boonop haar nog 'n hoer ook genoem het. Hierop het verweerderes geantwoord dat Madeleine konstant elke maand vir eiser gebel het, dat hulle gereeld met mekaar in aanraking was en dat die gesprek wat sy met Madeleine gehad het op 29 Desember 2007 juis bevestigend is daarvan. Daar is toe ook aan haar gestel dat eiser sekerlik nie 'n verhouding met iemand in Bloemfontein kon gehad het, terwyl die partye in Margate woonagtig was nie. Verweerderes het geantwoord dat dit beslis moontlik was, verval gegewe dat hulle so gereeld kontak gehad het.

Tydens verdere kruisverhoor en met verwysing daarna dat verweerderes ten tyde van die voorval gedurende Januarie 2008 vir eiser gesê het dat dit die laaste keer was dat hy haar so beledig het, het mnr. Reinders aan haar gestel dat eiser daardeur eintlik verstaan het dat verweerderes nie met

die huwelik wil voortgaan nie en was hy ook tevrede daarmee dat die huwelik nie moet voortgaan nie en dat dit die rede is waarom hy voortspruitend daaruit, die dagvaarding laat uitreik het. Haar antwoord hierop, ook saamgelees met getuienis wat sy in hoof aangebied het, was tot dien effekte dat sy nie werklik van die huwelik se beëindiging of van skei gepraat het nie, maar dat sy net wou teruggaan Margate toe en haar eie lewe wou lei. In haar getuienis in hoof, toe daar vir haar gevra is wat eiser se reaksie daarop was, het sy as volg getuig soos dit voorkom op p. 146 van die getikte oorkonde:

“Toe sê hy hy sal nie dit toelaat nie, ek sal nie daar bly nie. Hy het vir my vele kere uit daardie woonstel uit daar in Margate weggejaag wetende dat ek niemand het wat my kan kom help nie, dat my kinders oorsee is en dat ek al my goed verkoop het, my laaste besittings, alles wat ek besit het, my werk, my besigheid, my huis verkoop het en dat ek afhanklik was om daar te bly, het hy my weggejaag en ek het nooit gegaan nie en ek het vir hom tot op die laaste gesê ek sal teruggaan, ek gaan terug en hy het vir my gesê hy gaan die plek verkoop, dit was sy woorde, ek gaan die plek verkoop, jy sal nie daar gaan bly nie. Dit was 1 Januarie wat

hy dit vir my gesê het.”

88]Voortspruitend uit bogemelde voorval, het verweerderes op 22 Januarie 2008 'n gesinsgeweld interdik teen eiser bekom, die dokumentasie ten opsigte waarvan voorkom in bewysstuk “C”, p. 18 tot 27. In haar verklaring ter ondersteuning daarvan, het verweerderes daarna verwys dat eiser hom gereeld aan verbale en fisiese aanrandings op haar skuldig gemaak het, welke laaste voorval op 1 Januarie 2008 plaasgevind het. Sy het ook daarna verwys dat eiser haar vloek, skel, verneder en emosioneel afkraak. Voorts het sy beweer dat sy vrees vir haar lewe aangesien eiser in besit is van 'n ongelisensieerde vuurwapen en dat sy vrees dat hy haar sal opspoor en weereens aanrand of dalk sal skiet. Daar was ook bevestigende beëdigde verklarings aangeheg deur verweerderes se suster en die se man met betrekking tot die voorval wat op 10 Maart 2006 te Brits plaasgevind het. Haar getuienis in hoof hieromtrent was dat sy 'n heilige vrees vir eiser gehad het, “want hy sal vir my doodmaak en hy het my ook gekontak met 'n ‘no number’ en vir my gesê hy gaan my doodmaak, hy gaan my kry”. Dit was nadat sy die egskeidingsdagvaarding ontvang het. Sy het voorts

getuig dat die vuurwapen waarna sy in die verklaring verwys het, 'n "Magrietjie" was, synde 'n semi-outomatiese masjiengeweer wat hy in 'n tassie weggesteek het, aangesien dit 'n ongelisensieerde wapen was. Ten tyde van kruisverhoor is daar namens eiser ontken dat die tersaaklike vuurwapen ongelisensieerd was, dit is gestel dat die vuurwapen aan 'n vuurwapenwinkel verkoop is en is dit ontken dat eiser verweerderes by wyse van telefoonoproepe gedreig het. Verweerderes het egter volhard met haar weergawe.

89]By die aanvang van die kruisverhoor was daar aan verweerderes gevra of daar nie ook goeie tye tussen hulle was nie. Sy het spontaan dit onmiddellik toegegee met 'n antwoord "daar was beslis ook goeie tye". Toe sy daarop gevra is daarop of dit net eiser se skuld was dat die huwelik verbrokkel het, het sy dit bevestig. Daar is toe verdere vrae aan haar gestel en is daar aan haar gestel dat sy ook maar foute gehad het in die huwelik, waarop sy geantwoord het "n Mens is nie foutloos nie, ja dit is reg". Daarop het mnr. Reinders die volgende vraag weer herhaal:

“En ek wil ook seker maak dat dit so is op die rekord soos wat u sê. U aanvaar dat die huwelik het maar verbrokkel vanweë die foute aan weerskante? Hy het sy foute gehad, ek glo nie alles wat hy vir my sê nie, maar ek is doodseker u aanvaar u het ook foute gehad? ... Korrek.”

Twee verdere stellings is ook aan haar gemaak tot die effek dat die partye uitmekaar gedryf het omdat hulle nie meer regtig met mekaar sinvol kon kommunikeer nie en wanneer hulle wel gekommunikeer het, het daar rusies ontstaan. Sy het beide hierdie stellings erken.

90]Na oorweging van voormelde getuienis, met insluiting van die kruisverhoor, is ek van oordeel dat die kruisverhoor geensins die geloofwaardigheid van verweerderes se weergawe aangetas of afgekraak het nie. Haar getuienis staan verdermeer ook onaangeveg deur getuienis tot die teendeel. Blote stellings, behalwe in soverre sy toegegee het daarop, stel, soos al voorheen hierin vermeld, nie getuienis daar nie. Wat betref haar toegewing dat beide partye foute in die huwelik begaan het wat aanleiding gegee het tot die verbrokkeling van die huwelik, dat daar nie

sinvolle kommunikasie was nie en wanneer daar kommunikasie was, dit in rusies ontaard het, doen nie afbreek aan die totaal onaanvaarbare wyse waarop eiser verweerderes behandel het ten tyde van die bestaan van die huwelik nie. Dit moet aanvaar word dat op waarskynlikhede, dit eiser se gedrag was wat die wesenlike oorsaak van die verbokkeling van die huwelik was, soos ook reeds volledig in verweerderes se teeneis gepleit was, welke bewerings ooreenstem met die getuienis deur haar aangebied. Hierdie situasie val dus na my mening vierkantig binne die toets aanvaar deur die Hoogste Hof van Appèl in BUTTNER v BUTTNER, *supra*, op 37 E – F, “where the parties may each not have been blameless but where the imbalance of conduct one way or the other would make it inequitable to ignore the comparative conduct of the parties”.

91]Na my mening sal dit totaal onbillik wees om eiser se gedrag te ignoreer in hierdie situasie. Sy growwe, ernstige onaanvaarbare gedrag in die huwelik is beslis 'n faktor wat in oorweging geneem moet word in die uitoefening van my diskresie met betrekking tot die vraagstuk van onderhoud.

C9: Die nietige klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak:

92]Ek het reeds in die eerste gedeelte van hierdie uitspraak volledig met hierdie aspek gehandel, beide wat die getuinis betref en my redes waarom ek bevind het dat die ooreenkoms in klousule 4 nietig en onafdwingbaar is. Ten tyde van betoogstadium het mnr. Zietsman betoog en aan die hand gedoen dat indien ek sou bevind dat klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak nietig is vanweë die feit dat dit strydig is met die *pactum de non cedendo* vervat in klousule 2.7 van die eerste lewensregoooreenkoms, soos ek inderdaad bevind het, dan het dit tot gevolg dat die tweede lewensregoooreenkoms tans nog *in esse* is. Laasgenoemde feit was juis mnr. Reinders se betoog (weliswaar gebaseer op 'n ander argument as dié van mnr. Zietsman) en meen ek dat dit gevolglik tans geag moet word gemeensaak tussen die partye te wees.

93]Mnr. Reinders het betoog, soos vroeër ook al vermeld, dat die bedoeling van die partye met die sluiting van die tweede lewensregoooreenkoms, nadat hulle kort voor dit op klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak ooreengekom het, uitgelê moet word ooreenkomstig hoe die partye die kontrak

in praktyk uitgevoer het. In die verband het hy verwys na die getuienis van verweerderes op bladsy 223 en verder, welke getuienis ek tot die grootste mate reeds aangehaal het in paragraaf 17 van hierdie uitspraak. Na aanleiding daarvan het hy aan die hand gedoen dat gegewe haar getuienis dat hulle nie beoog het om te skei op die stadium toe die huweliksvoorwaardekontrak aangegaan is nie, dit op geen stadium die bedoeling was dat eendag as die partye skei, eiser nie meer te Hibiscus sal mag woon nie. Na die sluiting van die huweliksvoorwaardekontrak is die partye deur Hibiscus geadviseer dat die enigste manier waarop verweerderes ook 'n verblyfreg daar kon kry, was indien 'n nuwe ooreenkoms gesluit word waartoe sy ook 'n party is en in terme waarvan beide van hulle genomineer word as okkupeerders. Dit is presies wat toe gedoen is by wyse van die tweede lewensregoooreenkoms, aldus die argument. Gevolglik het mnr. Reinders betoog dat dit deurentyd die bedoeling was dat hulle altwee daar mag bly, dat dit is hoe die tweede lewensregoooreenkoms ook lees en dat verweerderes derhalwe tans steeds die reg het om daar te gaan woon saam met eiser, vandaar ook die aanbod daaromtrent uiteengesit in die Reël 34 tender. Die feit dat

dit nooit verweerderes se bedoeling was dat sy op enige stadium die enigste okkupeerder moet word nie, blyk ook uit die feit, aldus mnr. Reinders se argument, dat toe sy 'n gesinsgeweld interdik aangevra het teen eiser, sy die plaas te Hoopstad aangedui het as haar huis waar eiser haar nie mag lastig val nie en nie die eenheid te Hibiscus nie.

94]Hoewel die inhoud en regsgevolge van die tweede lewensregoooreenkoms beslis duidelik vasstaan, kan ek nie met mnr. Reinders se argument met betrekking tot die bedoeling van die partye, saamstem nie. Verweerderes se getuienis is uiters duidelik met betrekking tot die houding wat sy gehad het voorafgaande die sluiting van die huweliksvoorwaardekontrak en die huwelik. Vir haar was dit essensieel dat sy nie weer, soos na die egskeiding van haar eerste man en veral na haar daaropvolgende eerste egskeiding van eiser, met niks sit en van vooraf moet begin nie. Hoewel ek reeds haar getuienis in paragrawe 15 en 17 hierbo aangehaal het, meen ek dit is nodig en doelmatig om sekere gedeeltes daarvan hier te herhaal. Sy het getuig dat:

“....ek gaan nie weer in 'n huwelik in wat ek uit alles uit is en ek

het geen vastigheid onder my voete nie...”

en

“Ek het die dag vir mnr. Gustav le Grange ook daar gesê voor mnr. Genis dat ek gaan nie weer alles van my los...en dan beland ek weer in daardie situasie nie, so daar moet voorsiening vir my gemaak word vir...wat ookal kan gebeur”

en

“...ek het gesê ek gaan nie weer trou as ek alles moet los en prysgee en weer op straat sit nie.”

en

“Mnr. Genis het daardie dag daar gesê, glad nie aanwas nie, want hy het genoeg van aanwas egskeidings gehad en dit is waaroor die klousule ingebring is van gemeenskap van goedere en ek het daarop net eenvoudig gereageer dat ek nie gaan trou indien daar nie voorsiening vir my gemaak is vir die res van my lewe nie.”

en

“Ek sou nie my werk en my huis en my alles gaan verkoop het en gelos het nie en dit was die uitdruklike rede en die uitdruklike ooreenkoms wat hy aangegaan het om dit te doen, om vir my te sorg sodat ek my huis kan verkoop, sodat ek daar kan gaan bly. Ek sou nie met mnr. Genis getrou het indien ek nie versekering daarvan gehad het nie ...al wat ek sê is ek sou dit nie gedoen het nie. Die huwelikskontrak is opgestel deur sy prokureur. Ek het baie seker gemaak dat ek seker is en hy

het my die versekering ook gegee, mnr. Genis dat ek versorg sal wees vir die res van my lewe. Na die eerste huwelik sou ek nie weer in so 'n penarie wou beland nie.”

en

“...ek nie met Jan sal trou as ek nie verseker is van my lewe verder aan nie.”

en

“Ek het nie eers daaraan gedink nie, ek wou net geweet het in die lig van my vorige huwelik het ek gesê ek gaan nie, ek gaan nie weer alles van my opoffer, trou en bly sonder dat ek versekering het dat ek versorg is nie.”

Hoewel sy getuig het dat egskeiding nie spesifiek in haar gedagtes was nie, meen ek die totaliteit van die getuienis kan nie anders geïnterpreteer word as dat waarop sy aangedring het en waartoe eiser toegestem het, was dat sy reeds *vóór* huweliksluiting die versekering wou gehad het dat “wat ookal gebeur”, sy “nie op straat sit nie” en “versorg sal wees vir die res van haar lewe”, met ander woorde, by eiser se dood of by egskeiding. Daarom het die partye reeds in die huweliksvoorwaardekontrak, met ander woorde voor sluiting van die huwelik en as basis vir en grondslag van die sluiting van die huwelik, ooreengekom, of dan bedoel om ooreen te

kom, dat verweerderes met onmiddellike effek die reghebbende ten opsigte van die reg op okkupasie van die Hibiscus eenheid word tot en met haar afsterwe in plaas van en in die plek van eiser, maar nie ter uitsluiting van eiser (ten tyde van die bestaan van die huwelik nie). Hierdie bedoeling soos deur verweerderes se getuienis geverbaliseer, word dan juis bevestig deur en is vereenselwigbaar met die bewoording en inhoud van klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak. Ongelukkig was die partye nie behoorlik geadviseer op daardie stadium nie, deurdat, soos reeds bevind, klousule 4 strydig met die *pactum de non cedendo* vervat in die eerste lewensregooreenkoms was. Verdermeer was hulle duidelik ook onbewus van twee verdere wesenlike feite, synde dat verweerderes nie 'n okkupeerder kon word by wyse van die beding in die huweliksvoorwaardekontrak sonder die sluiting van 'n nuwe lewensregooreenkoms met Hibiscus nie en tweedens, dat selfs indien verweerderes wel deur die beding in die huweliksvoorwaardekontrak die reghebbende met betrekking tot die okkupasie kon word, dit nie tot gevolg het dat eiser saam met haar die eenheid kon okkupeer sonder die sluiting van die tweede lewensregooreenkoms

nie. Laasgenoemde feite het duidelik eers enkele dae na sluiting van die huweliksvoorwaardekontrak geblyk toe die partye die tersaaklike persoon by Hibiscus genader het ten einde uiting te gee aan hulle voormelde gemeenskaplike bedoeling. *Dáárom* was die partye genoodsaak om die tweede lewensregoooreenkoms te sluit, met die gepaardgaande kansellasië van die eerste lewensregoooreenkoms, maar duidelik met die bedoeling en onder die indruk, hoewel verkeerdelik, dat deur sluiting van die tweede lewensregoooreenkoms, daar juis sodoende uitvoering gegee word aan hul aanvanklike gemeenskaplike bedoeling met klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak. Die partye het nie op daardie stadium geweet dat die beding in die huweliksvoorwaardekontrak nietig is nie. Hulle het, op waarskynlikhede, insgelyks ook nie besef dat deur die kansellasië van die eerste lewensregoooreenkoms, dít wat in die huweliksvoorwaardekontrak aan verweerders seeder, beëindig is nie. Dit blyk vir my duidelik uit die getuienis dat, op waarskynlikhede, selfs na die sluiting van die tweede lewensregoooreenkoms, die partye steeds onder die indruk was dat voortspruitend uit die beding in klousule 4 van die

huweliksvoorwaardekontrak, verweerderes steeds die reghebbende met betrekking tot die reg op lewenslange okkupasie sal wees ingeval “wat ookal gebeur”, soos byvoorbeeld in geval van ’n egskeiding, maar dat eiser intussen ook saam met haar daar sou woon. Die feit dat die partye bedoel het om deur die sluiting van die tweede lewensregoooreenkoms uiting te gee aan wat hulle aanvanklike bedoeling met die sluiting van klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak was, blyk op p. 223 van die getikte oorkonde waar dit juis gestel is aan verweerderes dat “daar word vir u gesê al manier waarop *dit* kan gebeur is, julle moet hierdie ooreenkoms aangaan”, wat verweerderes bevestig het. Wat die “dit” is, in die totaliteit van die getuienis beoordeel, is duidelik verweerderes se reg om die eenheid te bewoon, weliswaar saam met eiser ten tyde van die bestaan van die huwelik, maar sonder enige bedoeling om afstand te gedoen het van die reg wat sy vir haar beding het of dan gedink het sy vir haarself beding het, synde dat as iets sou gebeur, sy die enigste reghebbende tot die verblyfreg van Hibiscus sal wees nie.

95]Aangesien die voormelde gemeenskaplike bedoeling

waarmee die partye klousule 4 van die huweliksvoorwaardekontrak gesluit het, die grondslag gevorm het waarop hierdie huwelik gesluit is, is ek van oordeel dat hierdie faktor ook deur my in oorweging geneem moet word by die bepaling of verweerderes geregtig is op onderhoud, aldan nie, en die omvang daarvan.

D: Gevolgtrekking met betrekking tot verweerderes se reg op onderhoud:

96]Wanneer al die bogemelde faktore en die gevolgtrekkings telkens daaromtrent gemaak, op ewewigtige wyse beoordeel word, is ek op 'n oorwig van waarskynlikhede oortuig dat verweerderes 'n behoorlike saak uitgemaak het dat sy onderhoud nodig het, dat eiser dit kan bekostig om onderhoud aan verweerderes te betaal en dat verweerderes derhalwe daarop geregtig is.

97]Selfs indien ek fouteer het met betrekking tot my bevindings in C9, paragrawe 92 tot 95 hierbo, hetsy wat my gevolgtrekking met betrekking tot die bedoeling van die partye betref, hetsy wat betref die blote feit dat ek daardie

aspek as 'n faktor in ag geneem het by die oorweging van onderhoud, en dit dus buite rekening gelaat word, kom ek steeds tot dieselfde gevolgtrekking wat betref verweerders se reg op onderhoud vanaf eiser.

E: Aard en omvang van onderhoud:

[98] Ter aanvang moet ek die aspek van oorbruggings-onderhoud oorweeg, gegewe dat dit is wat namens eiser aangebied word. Ek het reeds bevind dat dit onhaalbaar en onhoudbaar is om van verweerderes te verwag om weer 'n haarsalon te Hoopstad te gaan open. Ek het ook reeds bevind dat vanweë verweerderes se ouderdom, haar kanse om in die toekoms weer tydelike poste as onderwyseres te verkry, al hoe minder word. Oorbruggings-onderhoud word normaalweg gelas in omstandighede waar dit gebruik kan word deur 'n party tot tyd en wyl sodanige party finansieël weer op sy of haar voete gekom het. Laasgenoemde moet dus 'n realistiese verwagting wees wat teenwoordig moet wees. In die onderhawige geval geld die teendeel – daar is objektief gesproke geen verwagting dat verweerderes se finansiële posisie gaan verbeter nie, tot die teendeel vanweë haar ouderdom. Oorbruggings-onderhoud sal dus

geen doel dien nie en by verre te kort skiet om te voldoen aan die onderhoudsbehoefte waarvoor verweerderes 'n saak uitgemaak het.

99]Mnr. Zietsman het betoog dat dit billik of dan “just” sal wees indien gelas word dat as deel van eiser se onderhoudsplig teenoor verweerderes, verweerderes geregtig sal wees op die uitsluitlike bewoningsreg van die eenheid te Hibiscus, gegewe die volgende omstandighede en faktore:

1. Op eiser se weergawe het hy nie fondse beskikbaar om aan verweerderes onderhoud te betaal nie en as sodanige onderhoud nog vir die betaling van behuising ook moet voorsiening maak, gaan eiser dit nog minder kan bekostig;
2. Daar behoort sover moontlik gepoog word om 'n sogenaamde “clean break” situasie tussen die partye te bewerkstellig;
3. Dit moet aanvaar word dat die partye nie kan voortgaan om gesamentlike bewoningsreg van die Hibiscus eenheid uit te oefen nie.
4. Ooreenkomstig die getuie Webster se getuienis is dit

moontlik en uitvoerbaar dat eiser afstand doen van sy huidige bewoningsreg en kan verweerderes derhalwe sodoende uitsluitlike bewoningsreg van die eenheid te Hibiscus verkry.

Voormelde argument het mnr. Zietsman baseer op die uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl in ZWIEGELAAR v ZWIEGELAAR, *supra*. Sy argument was dat hoewel die gevorderde regshulp nie sodanig ingeklee is nie, ek in die uitoefening van my diskresie dit aldus kan gelas op die basis dat dit is wat “billik” is onder die omstandighede en dat die aspekte rondom hierdie verblyfreg, tesame met die kwessie van onderhoud, in elk geval behoorlik gedek is deur die getuienis en die kruisverhoor.

100]In die welbekende beslissing van ROBINSON v RANDFONTEIN ESTATES GM COMPANY LTD 1925 AD 173 is as volg op 198 beslis:

“The object of pleading is to define the issues; and parties will be kept strictly to their pleas where any departure would cause prejudice or prevent full enquiry. But within those

limits the Court has a wide discretion. For pleadings are made for the Court, not the Court for pleadings. And where a party has had every facility to place all the facts before the trial Court and the investigation into all the circumstances has been as thorough and as patient as in this instance, there is no justification for interference by an appellate tribunal, merely because the pleading of the opponent has not been as explicit as it might have been.”

In MIDDLETON v CARR 1949(2) SA 374 (A) is die volgende op 385 tot 386 beslis:

“I now turn to ground (b), under which the appellant claims that failing proof of the express contract for remuneration at the rate of £30 per month he is nevertheless entitled to payment at a fair or reasonable rate for the services which he rendered. The learned Judge refused to make such an order in the appellant’s favour because there was in the declaration no claim alternative to that based on the express contract and because even if there had been such a claim the evidence was insufficient to warrant a judgment for remuneration at any particular rate. The two points are not unconnected because, as has often been pointed out, where there has been full investigation of a matter, that is, where there is no reasonable ground for thinking that further

examination of the facts might lead to a different conclusion, the Court is entitled to, and generally should, treat the issue as if it had been expressly and timely raised. But unless the court is satisfied that the investigation has been full, in the above sense, injustice may easily be done if the issue is treated as being before the Court. Generally speaking the issues in civil cases should be raised on the pleadings and if an issue arises which does not appear from the pleadings in their original form an appropriate amendment should be sought. Parties should not be unduly encouraged to rely, in the hope, perhaps, of obtaining some tactical advance or of avoiding a special order as to costs, on the court's readiness at the argument stage or an appeal to treat unpleaded issues as having been fully investigated."

In BOTHA v BOTHA, *supra*, het ook 'n situasie opgeduik dat dit wat ten opsigte van onderhoud gevorder is en dit waarvoor betoog is, verskillend was, sonder enige formele wysiging. Daarin is as volg op 92 D tot H beslis:

"[7] I have been addressed by Mr Botha's counsel on the need for and absence of compliance with the rules of court. Firstly, Mrs Botha claimed one amount as

permanent maintenance and then, without formal notice of amendment of her counterclaim, simply proceeded to trial on a different quantum. Secondly, Mrs Botha claimed only permanent maintenance the first time; rehabilitative maintenance was mentioned in argument at the end of the trial. It was argued that Mr Botha had only to meet the case as pleaded by Mrs Botha and that he could not be expected to address in his evidence the issues necessarily ensuing from her rehabilitative-maintenance claim of which she had no knowledge and in respect of which Mrs Botha had herself given no evidence.

[8] Of course, these complaints have merit. I appreciate that Mr Botha should not be prejudiced by the failure of Mrs Botha to file appropriate pleadings or to lead on her ultimate claim. I do, however, believe that a court should be astute to make every attempt to assure that the issues essential for a 'just' decision are properly ventilated and considered in matrimonial matters which involve highly personal, emotional and intimate issues. Pleadings can be amended at the latest stage where prejudice can be avoided.

[9] I do not consider the absence of the usual catch-all

prayer for ‘further or alternative relief’ to be a fatal bar to Mrs Botha at least now seeking the relief she now claims.”

101]In die onderhawige geval is dit wel so dat verweerderes se vorderings nie so ingeklee is dat die verblyfreg te Hibiscus as deel van haar onderhoudsvordering gevorder is nie. Met bogemelde gesag inaggenome, stel dit egter nie `n absolute beletsel daar dat sodanige vordering nie in ieder geval oorweeg kan word nie, mits dit volledig deur die getuienis gedek is en eiser nie deur sodanige oorweging daarvan benadeel word nie. In die onderhawige geval het verweerderes wél die “catch-all” vordering van “sodanige verdere en/of alternatiewe regshulp as wat die Agbare Hof mag verleen” in haar teeneis ingesluit.

102]Eiser het verkies om nie enige getuienis ter ondersteuning van sy verweer aan te bied nie. Ten tyde van betoogstadium het mnr. Reinders vermeld dat die rede waarom eiser nie getuig het nie, is vanweë die feit dat ek bloot twee regsvrae moet beslis: “Die een is, wat staan in die kontrak en wat is die regsgevolge van die feit dat hulle `n latere

kontrak op 22 Maart aangegaan het”. Net daarna is die volgende ook deur mnr. Reinders vermeld: “Dit lyk vir my dit is maar ’n regsvraag wat Edele sal moet beslis, dit lyk nie vir my of die getuienis van die eiser eintlik vreeslik daartoe kon bydra om daardie probleem werklik op te los nie veral in die lig van die verweerderes se getuienis waarna ek u nou gaan verwys”.

Die feit bly egter staan dat verweerderes van meet af aan onderhoud gevorder het en desnieteenstaande het eiser die berekende besluit geneem om geen getuienis ten opsigte van sy verweer wat betref die relevante faktore wat in oorweging geneem moet en kan word by beregting van hierdie aspek, aan te bied nie. Addisioneel hiertoe meen ek in ieder geval dat dit duidelik uit die getuienis blyk dat die aspek van die lewensreg/verblyfreg en die bedoeling van die partye ten opsigte daarvan, tesame met en ineengevleg met die (ander) faktore relevant ten opsigte van die beregting van die onderhoudsaspek, wel volledig gedek is deur die getuienis voor die Hof en dus insgelyks deur volledig kruisverhoor deur mnr. Reinders gedek is. Soos blyk uit vroeëre gedeeltes van die uitspraak, het verweerderes volledige getuienis aangebied oor die

bedoeling van die partye wat betref die hele kwessie rondom die verblyfreg en is sy juis volledig daaromtrent gekruisverhoor. Die feit dat eiser klaarblyklik die inhoud en betroubaarheid van verweerderes se getuienis anders evalueer het as wat ek reeds hierin gedoen het, soos blyk uit Mnr. Reinders se voormelde opmerking en betoog rondom verweerderes se getuienis, en dít moontlik bygedra het tot sy besluit om nie te getuig nie, was `n besluit wat eiser op eie risiko geneem het en wat nie in hierdie omstandighede kan dien as `n basis om te bevind dat die aspek nie volledig deur getuienis en kruisverhoor gedek was nie.

- [103] Daar kan dus na my mening geen benadeling vir eiser wees indien ek wel die vraag oorweeg of die verblyfreg te Hibiscus aan verweerderes toegewys moet word as deel van haar onderhoudsbehoefte, aldan nie. By gebrek aan sodanige benadeling meen ek dat ek genoodsaak is om wel hierdie aspek te oorweeg, aangesien ek in die uitoefening van my diskresie die totaliteit van die getuienis moet oorweeg met betrekking tot die vraag welke onderhoud “billik” onder die omstandighede sal wees.

104]Wat Mnr. Zietsman se steun op ZWIEGELAAR V ZWIEGELAAR, *supra*, betref, is die inderdaad so dat die Hoogste Hof van Appèl daarin bevind het dat 'n party se akkommodasie of behuisingsbehoefte in gepaste omstandighede erken moet word as sodanige party se redelike onderhoudsbehoefte. In die verband is as volg op 1212 F tot I beslis:

“[13] It was not submitted, nor indeed could it be argued, that the term ‘maintenance’ should be narrowly construed. Sinclair in *The Law of Marriage*, Volume 1 at 443 correctly refers to maintenance in the matrimonial context as a reciprocal duty of support which

‘entails the provision of accommodation, food, clothing, medical and dental attention, and whatever else the spouses reasonably require’.

[14] Upon dissolution of the marriage, the word cannot attract a different meaning. Where a Court is satisfied that one spouse is entitled to maintenance and the jurisdictional requirements as laid down in s 7(2) of

the Act have been met, then it is entitled to make an order which is 'just'. 'Just' in the context of s 7(2), entails a recognition in an appropriate case that the accommodation requirements of the one spouse have to be met as part of such spouse's reasonable maintenance needs. To hold otherwise would be to render nugatory the clear requirement that the maintenance award be 'just'.

- [15] It is implicit in the judgment of the trial Court that, notwithstanding the imprecise formulation of the order, the learned Judge intended to award appellant a sum of money as part of her maintenance requirements for the purchase by her of household necessities in order to establish a home – she having been ordered out of the common home. This sum was awarded not in lieu of, but in addition to, what she reasonably required for her monthly maintenance needs.”

105]Dit blyk duidelik uit die getuienis dat verweerderes tans geen heenkome van haar eie het nie. Daarteenoor is die getuienis duidelik dat eiser wel 'n alternatiewe heenkome het, synde die meenthuis te Kellnerstraat te Bloemfontein.

Hoewel ek aanvaar dat hierdie meenthuis in die naam van die Genis Vroue Trust geregistreer is en eiser se dogter moontlik tans daar woonagtig is, blyk dit duidelik dat eiser tot op hede wel by verskeie geleenthede daar woonagtig was, soveel so dat eiser die meenthuis in sy dagvaarding en besonderhede van vordering dit as sy woonadres aangedui het. Toe verweerderes in haar Reël 43 aansoek dit insgelyks as eiser se woonadres aangedui het, het eiser dit ook aldus in sy opponerende verklaring erken. Uit die getuienis van mnr. Jooste blyk dit dat daar geen verband oor die meenthuis meer is nie, aangesien dit afbetaal is uit 'n ander eiendom wat die trust verkoop het (oorkonde, p. 300, reël 20 – 24). Dit blyk na my mening, soos deur mnr. Zietsman betoog, ook uit die getuienis van mnr. Jooste dat die trust eintlik maar die alter ego van eiser is en dat die bate derhalwe in ag geneem kan word by die oorweging van die vraag welke onderhoudsbevel billik sal wees. Sien JORDAAN v JORDAAN 2001 (3) SA 288 (C) op 299 G – 301 D en BADENHORST v BADENHORST 2006 (2) SA 255 (SCA). (Hoewel dit in daardie beslissings gehandel het oor die beoordeling van 'n herverdelingsbevel ingevolge die bepaling van Artikel 7(3) van die Wet, is die beginsels

mutatis mutandis van toepassing by die oorweging van 'n gepaste onderhoudsbevel). Gegewe dat daar geen verband meer oor die eiendom bestaan nie, is daar ook geen rede waarom eiser nie die meenthuis kosteloos kan bewoon nie. Alternatiewelik en indien die meenthuis deur eiser se dogter of iemand anders bewoon word, kan die huur-inkomste wat daaruit verkry word, deur eiser gebruik word om vir hom alternatiewe huisvesting te huur.

106]Waar daar dus in die onderhawige geval aan die kant van beide partye beperkte finansiële fondse is en dit op die aanvaarde getuienis duidelik is dat verweerderes 'n behoefte aan behuising as deel van haar onderhoudsbehoefte uitgemaak het, terwyl eiser die meenthuis tot sy beskikking het wat hy gratis kan bewoon (of voormelde voorgestelde alternatief met die huur-inkomste daarvan kan uitvoer), meen ek dat dit billik is onder die omstandighede dat die uitsluitlike verblyfreg te Hibiscus aan verweerderes toegeken word.

107]Hoewel die verblyfreg wat die partye in terme van die tweede lewensregoorreënking bekom het, met inagneming

van die bepalings van klousule 13.1 van die ooreenkoms teoreties lewenslank kan wees, meen ek dat dit onreëlmag sal wees indien ek dit aldus aan verweerderes toeken onder omstandighede waar ek dit in die onderhawige geval as deel van haar onderhoud toeken. In die verband moet in gedagte gehou word dat artikel 7(2) van die wet die toekenning van onderhoud beperk tot die dood of hertrouwe van 'n party, na gelang van welke eerste plaasvind. Gevolglik is ek van oordeel dat ek voormelde verblyfreg ook slegs onderhewig aan daardie beperkings, kan toeken.

108]Soos tereg spontaan toegegee deur mnr. Zietsman, het voormelde beslissing 'n groot impak op die bedrag, indien enige, wat andersins aan verweerderes toegeken behoort te word. In beginsel is daar geen beletsel dat daar 'n bedrag onderhoud addisioneel tot voormelde verblyfreg toegewys kan word nie, deurdat daar spesifiek in ZWIEGELAAR v ZWIEGELAAR beslis is dat die voldoening aan die behuisingsbehoefte van 'n party as deel van daardie party se onderhoudsbehoefte, addisioneel tot enige ander onderhoudsbevel is.

109]Verweerderes se lewenskoste sal drasties verminder inaggenome bovermelde bevel in vergelyking met die ongeveer R19 000.00 indien sy in Westonarea op haar eie moet gaan bly. Daarteenoor moet egter ook in gedagte gehou word dat verweerderes R6 800.00 in haar teeneis vorder, welke reeds gebaseer was daarop dat sy wel te Hibiscus sou woon. Dit blyk duidelik uit die getuienis, in besonder die stellings wat aan mnr. Webster gemaak is, dat die maandelikse heffing by Hibiscus ten opsigte van 'n enkelpersoon tans ongeveer R1 100-00 beloop. Daarbenewens is 'n bedrag van R700-00 per maand betaalbaar ten opsigte van middagetes wat ingesluit word. Wat elektrisiteit betref (of water en elektrisiteit die geuitenis is ietwat onduidelik) is die syfers van R32-00 en R115-00 genoem. Afgerond blyk dit dat wat vir 'n enkelpersoon ter sprake sal wees ten opsigte van die maandelikse heffing, ongeveer die bedrag van R2 000-00 beloop. Indien eiser dus gelas sou word om ten minste 'n bedrag van R2 000-00 onderhoud per maand aan verweerderes te betaal, beteken dit dat daar aan haar basiese behoeftes ten opsigte van behuising, een goeie maaltyd per dag en noodsaaklike

vervoer by wyse van die bus waaroor getuienis aangebied is, voldoen is.

Bogemelde oorweging van R2 000.00 onderhoud geskied teen die agtergrond dat wanneer verweerderes haar te Hibiscus gaan vestig, sy ten minste 'n maandelikse inkomste van R2 700-00 uit haar belegging tot haar beskikking gaan hê. Voorts en gegewe dat daar wel nog die moontlikheid bestaan dat sy van tyd tot tyd 'n tydelike of aflos onderwys pos sal kan bekom, meen ek dat soos in WEINER v WEINER, *supra*, gedoen is, dit billik is as ek 'n bedrag in my berekenings toelaat om voorsiening te maak vir die moontlikheid van die verkryging van sodanige poste deur verweerderes in die toekoms. Ek meen egter ook dat ek in ag moet neem dat verweerderes se kanse om so 'n pos te bekom in die omgewing waar sy nou gaan woon, waarskynlik minder gaan wees as waar sy haar tans bevind. Gegewe haar huidige netto inkomste ten opsigte van so 'n tydelike pos, synde R6 900.00 per maand, meen ek dat 'n berekening gebaseer daarop dat verweerderes gemiddeld moontlik vir drie maande per jaar 'n betrekking sal kan beklee teen 'n soortgelyke salaris, 'n billike berekening is onder die omstandighede. Dit het tot gevolg dat dit geag

moet word dat verweerderes oor `n jaar tydperk, gemiddeld R1 725.00 per maand tot haar beskikking sal hê voortspruitend uit sodanige betrekking. Hierdie bedrag, tesame met haar rente-inkomste, laat dus aan haar die totaal van R4 425.00 per maand ter betaling van haar ander maandelikse verpligtinge.

110]Wanneer eiser se situasie vergelykenderwys dienooreenkomstig beskou word, soos blyk uit bewysstuk “E”, en dit word in ag geneem dat hy gratis te die meenthuis te Bloemfontein (of te `n ander meenthuis met die huur-inkomste) woonagtig gaan wees, blyk die volgende:

1. Die aftreeoordfooie van R2 175.00 val weg vanaf sy uitgawes.
2. Dit moet in ag geneem word dat hy nou moontlik `n uitgawe ten opsigte van water en elektrisiteit gaan hê, wat op ongeveer R500.00 bereken kan word.
3. Hoewel verweerderes dit bevraagteken het indien eiser te Hibiscus sou gaan woon, moet sy uitgawe ten

opsigte van kruideniersware nou wel in ag geneem word, aangesien eiser nie meer die voordeel van een goeie maaltyd per dag te Hibiscus gaan hê nie.

4. Alwaar verweerderes die voordeel van die busdiens gaan hê, moet die uitgawe ten opsigte van brandstof in die bedrag van R700.00 in ag geneem word.

Wanneer daar dus voldoen is aan eiser se voormelde basiese behoeftes ten opsigte van verblyf, een goeie maaltyd per dag en vervoer, in die totale bedrag van R2 800.00 (afgerond R3 000.00) per maand, verreken teen 'n maandelikse inkomste van R14 000.00, en eiser het ook R2 000.00 onderhoud aan verweerderes betaal om aan haar soortgelyke basiese behoeftes te voldoen, het eiser nog die bedrag van R9 000.00 per maand beskikbaar ter delging van sy ander maandelikse uitgawes (teenoor die R4 425.00 van verweerderes).

Wanneer al eiser se beweerde maandelikse uitgawes soos uiteengesit op bewysstuk "E" sonder enige aanpassing in ag geneem word (maar met uitsluiting van die Hibiscus

heffing, die kruideniersware en die brandstof, omdat dit reeds hierbo verrek is), laat dit eiser met verdere maandelikse uitgawes van R7 350.87, wat dan steeds vir eiser 'n maandelikse oorskot van R1 649.13 laat.

111]Gegewe die vergelykende situasies van die partye, meen ek dat verweerderes 'n behoorlike saak uitgemaak het dat sy ten minste R2 000.00 onderhoud per maand, addisioneel tot die verblyfreg, benodig, dat eiser dit kan bekostig en dat dit billik is om dit aldus te gelas.

112]Die enigste addisionele aspek wat oorweeg moet word, is die vordering van verweerderes met betrekking tot die betaling van haar redelike en billike mediese koste. Mnr. Zietsman het betoog dat gegewe die getuienis ten opsigte van die geweldige konflik tussen die partye met betrekking tot die aangaan en betaling van mediese koste, ek, indien ek wel van oordeel is dat eiser gelas behoort te word om verweerderes se mediese koste te betaal, eerder 'n addisionele kontantbedrag aan haar behoort beskikbaar te stel as deel van haar onderhoud ten einde haar in 'n posisie te plaas om haar eie mediese

fonds of hospitaalplan te bekom in plaas daarvan om eiser te gelas om haar mediese koste te betaal.

113]Ek is nie voornemens om in detail te handel met die getuienis ten opsigte van die dispute wat betref die mediese onkoste aangegaan deur verweerderes en die betaling daarvan deur eiser nie. Ek volstaan met die bevinding dat dit onteenseglik uit die getuienis blyk dat dit 'n onverkwikbare situasie is wat tussen die partye hieromtrent heers, gekenmerk deur voortdurende briefwisseling tussen die partye se prokureurs as gevolg van die dispute en twispunte daaromtrent, en selfs ook al gelei het tot die uitreiking van lasbriewe. Hoewel daar in hierdie geval nie in totaliteit 'n "clean break" tussen die partye bewerkstellig kan word nie, meen ek dat wat hierdie behoefte van verweerderes betref, daar sover as moontlik 'n weg ingeslaan moet word wat toekomstige dispute hieromtrent totaal uitsluit. Gegewe die vergelykende finansiële posisies van die partye, waarna ek reeds hierbo verwys het, die feit dat dit gemeensaak is dat eiser die wel die voordeel van 'n hospitaalplan het, waarvan die uitgawe reeds hierbo verreken is, en die feit dat verweerderes 'n mediese fonds van haar eie voor

huweliksluiting gehad het wat sy op eiser se aandrang opgesê het, is ek van oordeel dat verweerderes ook 'n behoorlike saak uitgemaak het ten opsigte van haar behoefte aan onderhoud wat betref haar mediese uitgawes. Ek meen insgelyks dat eiser dit kan bekostig onder die omstandighede om dit te betaal of ten minste daartoe by te dra. Dit sal meer as billik wees onder die omstandighede. Gevolglik is ek van oordeel dat verweerderes ten minste geregtig is op die bedrag van R1 000.00 per maand addisionele onderhoud as bydrae deur eiser aan verweerderes ten einde haar in staat te stel om ten minste 'n hospitaalplan van haar eie te bekom, of dan 'n mediese fonds indien sy so sou verkies.

- [114] Die laaste aspek wat oorweeg moet word ten opsigte van die onderhoud, insluitende die verblyfreg, is die praktiese uitvoering daarvan. In die verband is ek van oordeel dat gegewe dat my voorgenome bevel daarop neerkom dat eiser, insoverre hy tans die eenheid te Hibiscus bewoon, daardie huisvesting moet ontruim en die meenthuis te Bloemfontein moet betrek, en verweerderes terselfdertyd

ook haar reëlings moet tref ten einde te verhuis na Hibiscus, dit nie billik is en waarskynlik ook nie prakties moontlik is dat dit alles by wyse van spreke, oornag moet geskied nie. Daarom meen ek dat 'n tydperk van ongeveer twee (2) maande redelik en billik is ten einde al die partye instaat te stel om hul reëlings dienooreenkomstig te tref.

Dit het egter insgelyks 'n invloed op die partye se onderskeie finansiële posisies in die *interim* tot tyd en wyl die onderskeie verhuisings plaasgevind het. Daarom meen ek dat dit gepas en billik is onder die omstandighede om die betaling van onderhoud en mediese koste soos dit tans is voortspruitend uit die Reël 43 aansoek, te gelas hangende die tydperk van finalisering van die ontruiming van die eenheid te Hibiscus deur verweerder en die toekenning daarvan aan verweerderes.

KOSTE:

115]Wat die koste betref, het eiser in sy Reël 34 tender aangebied om die koste tot op datum van daardie tender te betaal. Verweerderes het nie daardie tender aanvaar nie.

Gegewe die bevel wat ek voornemens is om te maak, kan daar geen argument daarteen wees dat verweerderes substansieel suksesvol is met haar teeneis nie, welke terselfdertyd substansieel meer regshulp is as wat eiser in sy tender aangebied het. By gebrek aan enige besondere omstandighede, is daar gevolglik na my mening geen rede waarom die gebruikelike bevel tot dien effekte dat koste die uitslag volg, nie verleen moet word nie.

116]Laastens moet daarop gewys word dat, soos blyk uit paragrafe 7 en 8 van hierdie uitspraak, die (moontlike) verspilde koste op 2 Junie 2009 voortspruitend uit die liassering van die Reël 43(6) aansoek, oorgestaan het vir latere beregting. Ten opsigte van die Reël 43(6) aansoek as sulks, het ek gelas dat koste, koste in die geding is. Vanweë oorsig, het ek nie op daardie stadium 'n spesifieke bevel ten opsigte van voormelde moontlike verspilde koste gemaak nie. Na my mening kan geen ander bevel gepas wees as dat insoverre daar wel verspilde koste was, dit in ieder geval dan ook koste in die geding moet wees nie. Ek is dus voornemens om dit duidelikheidshalwe aldus te gelas.

[117] Gevolglik word die volgende bevel verleen:

1. Die huweliksband tussen die partye word ontbind.
2. Dit word gelas dat die bepalings van klousule 3 van die huweliksvoorwaardekontrak gesluit tussen die partye op 17 Maart 2005 en geregistreer op 19 April 2005, nagekom word.
3. Ter uitvoering van laasgenoemde bevel:
 - 3.1 word eiser gelas om binne 1(een) maand na datum van hierdie bevel toe te sien dat die fonds en skema wat die Discovery Life Polis met nommer 1071618290, waarvan die opbrengs deur eiser aan verweerderes geskenk en sedeer is, beheer, 'n aantekening in hul rekords maak dat die opbrengs van die polis by die afsterwe van eiser aan verweerderes betaalbaar is ooreenkomstig die bepalings van klousule 3 van die huweliksvoorwaardekontrak; en
 - 3.2 word eiser gelas om onverwyld daarna skriftelike bewys van sy nakoming van die bevel in 3.1 hierbo aan

verweerderes se prokureur van rekord te verskaf.

4. Eiser word gelas om onderhoud aan verweerderes te betaal en te verskaf op die volgende wyse en terme:

- 4.1 Eiser word gelas om onderhoud aan verweerderes te betaal ten opsigte van die maande Junie 2010 en Julie 2010 in die bedrag van R5000.00 per maand, welke bedrag betaalbaar sal wees voor of op 7 Junie 2010 en weer daarna voor of op 7 Julie 2010.

- 4.2 Eiser word gelas om verweerderes se redelike mediese-, tandheekkundige-, oogkundige-, hospitalisasie- en aptekerskoste aangegaan en/of opgedoen deur verweerderes sedert die datum van hierdie bevel tot en met einde Julie 2010, te betaal, waarna hierdie verpligting van eiser verval.

- 4.3 Eiser word gelas om na afloop van Julie 2010, onderhoud aan verweerderes te betaal in die bedrag van R3000.00 per maand, die eerste betaling waarvan moet geskied voor of op 5 Augustus 2010 en daarna

voor of op die 5de dag van elke daaropvolgende maand, welke onderhoudsverpligting sal voortduur tot verweerderes se dood of hertroue, welke ookal eerste mag plaasvind, waarna die verpligting verval.

4.4 Eiser word gelas om toe te sien dat die uitsluitlike reg van okkupasie van die eenheid bekend as Hibiscus Heights 412, in die kompleks bekend as Village of Happiness, geleë te Margate, verweerderes toekom voor of op 1 Augustus 2010, welke sodanige uitsluitlike reg op okkupasie hiermee aan verweerderes toegeken word met ingang vanaf 1 Augustus 2010 tot en met haar dood of hertroue, welke ookal eerste mag plaasvind.

4.5 Ter nakoming en uitvoering van die bevel in 4.4 hierbo, word die volgende beveel:

4.5.1 Eiser word gelas om die nodige dokumentasie, soortgelyk aan die dokument aangeheg tot bewysstuk "G" voor die hof, getiteld "Cottage or Flat Relinquishment Agreement", soos gewysig indien nodig, te onderteken ten einde voor 1

Augustus 2010 afstand te doen van sy reg op okkupasie van voormelde eenheid voortspruitend uit die lewensregoooreenkoms gesluit tussen die partye en Hibiscus Retirement Villages op 22 Maart 2005, en wel op `n wyse wat aan verweerderes die uitsluitlike okkupasie van die eenheid sal verleen tot haar dood of hertroue, welke ookal eerste mag plaasvind.

4.5.2 Verweerderes word gelas om by haar hertroue, indien enige, onverwyld die nodige dokumentasie te onderteken ten einde afstand te doen van haar reg op okkupasie van voormelde eenheid ooreenkomstig die bepaling van klousule 13.1.3 van die lewensregoooreenkoms gesluit tussen die partye en Hibiscus Retirement Villages.

4.5.3 Indien enige van die partye sou versuim om voormelde dokumentasie te onderteken, word die Griffier van hierdie Hof gemagtig en gelas om dit aldus namens sodanige party of partye te

onderteken.

5. Eiser word gelas om die koste van die geding te betaal, wat insluit die oorgestane verspilde koste, indien enige, van 2 Junie 2009 voortspruitend uit die liassering van die Reël 43(6) aansoek onder aansoeknommer 2750/09.

C. VAN ZYL, R

Namens die Eiser:

Adv. S.J. Reinders
In opdrag van:
Mnr. R.J Britz
Honey Prokureurs
BLOEMFONTEIN

Namens die Verweerderes:

Adv. P. Zietsman SC
In opdrag van:
Mnr. J.H. Conradie
Rossouws Prokureurs
BLOEMFONTEIN